

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

29 Mei 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Spesiale uitgawe



Te besig om moed te verloor

Tebogo 'Tebza' Mabye (24) sit hand by met die verpakking van skenkings by die MES Impilo-skuiling vir haweloses. Agter hom staan sy jarelange mentor en MES se hoof- uitvoerende beampte, Leona Pienaar. Hoewel hierdie jong man se eie koffie-onderneming in die skadu van die Ellispark-rugbystadion tydens die inperking moes sluit, skrik hy nie vir 'n uitdaging nie. Sy storie (bl 10 en 11) laat dit gou blyk hoekom nie.

Foto: Liza Coetzee

Bybelstudieboeke vir *Pinkster*

Aflaaibare
PDF's ook
beskikbaar



Die Gees maak alles nuut
Individuele Bybelstudies plus
ses byeenkomste vir kleingroepe

Gedrukte boek: R100 | PDF-prys: R60


Het jy al ervaar dat 'n nuwe intrekker plekke in jou bekende omgewing besoek waarvan jy nie eens geweet het nie? Of het jy al in 'n toerismegids of -tydskrif gelees oor plekke waar jy reeds was, maar dan kan jy nie glo wat jy alles gemis het terwyl jy daar was nie? Ons dink dit kan ook met die boek *Handeling* gebeur as 'n mens net die moeite wil doen om 'n bietjie dieper te delf. Daar lê 'n ongelooflike reis voor!

Agente van die Gees
Op reis deur Handeling

Gedrukte boek: R60 | PDF-prys: R40

In hierdie 12 studies lei Jaco Thom ons om te gesels oor hoe die Gees ons toerus en ons sy agente maak om die verlossingsboodskap van Jesus uit te dra en die hele wêreld ten goede te verander.

Gaan saam op hierdie opwindende reis deur *Handeling* en (her)ontdek jou roeping as 'n agent van God se Gees hier op aarde.



Gee-vreugde
Ontdek die waarde van ligter leef

Gedrukte boek: R100 | PDF-prys: R60

'n Reis van agt weke saam met Stefanus en Paulus.

Deur met verloop van agt weke saam met Stefanus en Paulus te reis, raak ons bewus van 'n paar teenstrydighede waarmee almal stoei. Soos dat dit minder hoop en vreugde bring om bymekaar te maak en op te gaar as om blymoedig weg te gee; om jouself te handhaaf en onkreukbaar voor te kom, is baie minder menslik as om gebroke, uitgelewer en leeg van jouself te wees. Mag jou geloof in Jesus Christus groei terwyl jy hierdie boek lees, en mag sy koninkryk deur jou geloof al hoe helderder word.



Ds Danie Ueckermann en sy vrou Marietha is reeds vir elf weke in Danang, Viëtnam, gestrand. Hulle maak, nes die Viëtnamese landsburgers, van 'n bromponie as hulle hoofbron van vervoer gebruik. En as die bromponie kreun, wag hulle geduldig. Foto's verskaf



Leraar mis sy kollega

Egpaar al vir weke in woonstel in Viëtnam

JACOBIE M HELENA

Weens wêreldwye reisbeperkings is 'n dominee van Limpopo die afgelope elf weke in Viëtnam gestrand.

Ds Danie Ueckermann moes al deur sy verlof en langverlof werk, maar het aan *Kerke* vertel dat sy kerkraad by Nylstroom-Oos-gemeente in Modimolle baie ondersteunend in dié ongewone situasie is.

Intussen trek Ueckermann se kollega in Suid-Afrika maar effe swaar so sonder kollega. "Ek mis my kollega. Ons het 'n goeie verhouding. Hy is 'n baie gemaklike mens, so hy laat beslis 'n leemte in die gemeente (van sowat 1 350 lidmate)," vertel ds Ewald Schmidt.

Ueckermann en sy vrou Marietha het op 3 Maart na Viëtnam vertrek om vir hulle dogter, Madia, te gaan kuier waar sy sedert verlede jaar as Engels-onderwyser werk. Toe die egpaar op 16 Maart van die beoogde grendeltyd in Suid-Afrika hoor, het hulle besef dat hulle hulle terugvlug op 31 Maart sal moet vervroeg. Na baie kommunikasieuitdagings met Qatar lugdiens het hulle op 23 Maart verneem dat die vroegste terugvlug vanuit Viëtnam op 30 Maart vanaf Saigon was. Hulle het dadelik binnelandse vlugkaartjies gekoop om op 29 Maart vanaf Danang na Saigon te vlieg. Maar op 28 Maart het hulle op Qatar lugdiens se webtuiste gesien dat die vlug van Doha na Johannesburg gekanselleer is. Hulle

sou in Doha gestrand wees indien hulle op 30 Maart vanaf Saigon na Doha sou vlieg. Ueckermann vertel dat hulle die besluit geneem het om eerder in Madia se woonstel in Viëtnam gestrand te wees as op die lughawe of noodblyplek in Doha wat baie duurder vir hulle sou uitwerk.

Die onvoorsiene weke in Viëtnam is darem nie net ongerief nie, sê Ueckermann. Die geluk by die ongeluk is dat hulle reeds onder andere die wonder-skone Halongbaai, Hoi An en Hanoi, die hoofstad van Viëtnam, kon besoek. Hulle het selfs die blaai van *Huisgenoot* gehaal, wat op 8 April oor die egpaar berig het. Die Ueckermanns hoop dat Qatar hulle vlugte tussen Viëtnam en Suid-Afrika op 1 Junie sal hervat.

Vlak 3: Kerke pleit vir selfregulasie

JACOBIE M HELENA

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), waarvan die NG Kerk 'n lid is, het op 19 Mei 'n skrywe aan pres Cyril Ramaphosa oorhandig waar daar vir meer vryheid rondom godsdienstige aktiwiteite gepleit word. Met Vlak 3-regulasies "op die horison", sê die kerkleiers onder meer dat godsdienstige byeenkomste met beperkte getalle in "veiliger areas" van die land toegelaat behoort te word indien die nodige voorkomingsmaatreëls in plek is.

Die SARK, onder voorsitterskap van aartsbiskop Thabo Makgoba, vra in dié dokument vir 'n gesonde balans tussen die toelating van godsdienstige byeenkomste, onder andere eredienste, terwyl die reëls van die inperking steeds nagekom word. Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, sê dat kerke van die begin van die grendeltyd af baie ondersteunend was in die handhawing van die regulasies wat deur die president afgekondig is. En dat kerke dit wil steeds doen. Maar, verduidelik hy in 'n verklaring wat op 21 Mei uitgereik is, kerke wil en kan deur hulle diens en getuienis aan gemeenskappe 'n belangrike rol speel.

Burgerlike ongehoorsaamheid

Die SARK voer aan dat daar 'n toenemende burgerlike ongehoorsaamheid in die samelewing heers en dat kerke 'n beduidende positiewe rol kan speel om dié gedrag aan te spreek. "Kerke kan 'n groot rol speel om die gedrag van mense te verander. Dit is hoekom daar vir groter oopstelling van die godsdienste sektor gepleit word," sê Claassen. SARK hoop Ramaphosa sal wanneer hy weer die nasie toespreek, op hulle versoek reageer.

● *Kerke* publiseer Claassen se volledige skrywe op bl 15.

Bobaas 'social distancing'!



Pietie le Roux skryf vir ons: "Ek het hierdie foto in September 2018 geneem tydens een van my vrou, Magdel le Roux van Bybelse Argeologie en Ou-Nabye-Oosterse Studies by Unisa, se argeologiese studietoere na sentraal-Griekeland." Hierdie klooster (Rousanou) is deel van die Meteora-kompleks wat oorspronklik uit 24 Oosters-Ortodokse kloosters bestaan het en waarvan ses nog in bedryf is. Die meeste hiervan is tussen die 12de en 16de eeu met die oog op veiligheid en asketiese afsondering op rots-monoliete in sentraal-Griekeland gebou. Kalambaka is die naaste dorp.

Die oorspronklike inwoners en besoekers kon slegs met lere, nette of mandjies opgetrek en neergelaat word. Daar word vertel dat diégene elke keer voor 'n geloofsprong te staan gekom het, want hulle het geglo dat God die tou op enige stadium kon laat breek(!). Die ander baie bekende kloostergemeenskap in Griekeland is by die berg Atos.

Foto: Pietie le Roux

**Besoek gerus
kerke.co.za
vir die jongste nuus.**

'Ma' Plaatjies-Van Huffel geprys vir pioniersrol

“Ons hart is gebreek,” het dr Llewellyn MacMaster gesê oor die afsterwe op Dinsdag 19 Mei van prof Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel, 'n geliefde en gerespekteerde kerkleier.

MacMaster, moderator van die VGKSA Streeksinode Kaapland, het vroeër die dag nog aan besorgdes via Twitter laat weet: “Haar toestand is steeds kritiek, maar stabiel...”

Maar kort voor 15:00 het hy via 'n Facebook-videoboodschap die nuus gebreek dat Plaatjies-Van Huffel oorlede is. Sy was 60.



Prof Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel (1959-2020), hier agter die kansel afgeneem tydens 'n kerkviering in Belhar 2019.

Foto: Le Roux Schoeman

“Sy het die kerk op soveel vlakke gedien – selfs wêreldwyd is sy erken vir haar leierskap. As VGKSA treur ons oor 'n pionier wat groot werk gedoen het,” het MacMaster gesê.

Meer besonderhede oor die oorsaak van haar dood was nie ten tye van publikasie bekend nie.

Plaatjies-Van Huffel was die eerste vroulike leraar in die VGKSA, het MacMaster gesê. “Ons gaan jou mis, Mary-Anne, ‘ma’, jou voorletters het so beduidend geword, want jy het 'n ma vir vele geword. (Jy het) omgesien na soveel jong dominees – veral vroulike dominees – maar ook studente. As kerk en as sinode – sy was deel van ons moderamen – betreur ons die dood van Mary-Anne Plaatjies... Ons bid dat God ons sal help om haar nalatenskap te eerbiedig.”

• Dié berig is ná publikasie aangepas.
– Le Roux Schoeman

Meer oor 'Ma' Plaatjies-Van Huffel
PLAATJIES-VAN HUFFEL, MARY-ANNE (1959-2020) is met ds Dawid van Huffel van die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGKSA) getroud. Ná die verwerping van haar BTh (Hons) aan die Universiteit van Wes-Kaapland, word sy in 1991 die tweede vrouepropont in die destydse NG Sendingkerk. Die volgende jaar word sy in Robertson-Oos as die eerste vrouedominiee in die hele NG Kerkfamilie georden.

In 2002 word sy as aktuaris van die VGKSA se Sinode Kaapland verkies, later as moderator van dié streeksinode en uiteindelik as moderator van die Algemene Sinode van die VGKSA – almal eerstes vir 'n vrou in hierdie kerk. Sy word ook adjunk-president van die Wêreldraad van Kerke met verantwoordelike vir Afrika.

Vir haar meestersgraad ontwikkel Plaatjies-Van Huffel 'n multi-dissiplinêre benadering tot die rehabilitasie van prostitute, en in 2003 promoveer sy aan die Universiteit van Suid-Afrika in die sistematiese teologie (dogmatiek) oor *Vroue in die teologiese antropologie in die Afrikaanse gereformeerde tradisie*. Haar promotor was 'n ander bekende vrou in kerklike kringe, prof Christina Landman. Dié studie behels 'n poststrukturele en feministiese benadering tot vroue in die Afrikaanse gereformeerde tradisie. Dit lewer 'n belangrike teologiese bydrae tot die wêreldwye debat oor poststrukturealisme. Daarin daag sy Afrikaanse gereformeerdes uit om hulle eie mensbeskouwlike voorveronderstellings tot tekste wat hulle lees, krities te ondersoek. Mettertyd behaal sy ook 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria in die kerkreg en word professor in kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch. – Pieter Fourie. Bron: <https://ecke.co.za/plaatjies-van-huffel-mary-anne/>

Rampfonds betaal R1,3 m uit om te help

JEANETTE CLARK

Diaconia, die gesamentlike barmhartighedsbediening van die NG Sinode van Wes-Kaapland en die Verenigde Gereformeerde Kerk Streeksinode Kaapland, het hulle rampondersteuningstrategie bekend gestel om voedselsekureit en humanitêre hulp in die provinsie te verbeter.

“Die waarheid is dat geen gemeente op sy eie tydens die onseker maande wat voorlê, alleen die nood sal kan aanspreek nie. Leierskap is nou om gekoördineerde reaksie te insieer en te ondersteun,” sê ds Nioma Venter van Diaconia. Die sinodale strategie funksioneer op veelvoudige vlakke en is belyd met riglyne van die nasionale regering en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se konsensus dat plaaslike ekumeniese aksienetwerke die mees effektiewe manier is om dringende nood op 'n volhoubare wyse aan te spreek. Deel van die strategie behels 'n rampfonds wat bydraes aan hulpaksies bied.

Lidmate en gemeentes word aangemoedig om, waar hulle kan, tot die rampfonds by te dra, wat sowat drie weke gelede met 'n balans van R2,42 m geopen is.

Voedselvoorsiening

“Met dit as 'n begin, bied ons saageld aan vir 200 gemeentes of gemeenskappe wat in hierdie tyd by direkte voedselvoorsiening betrokke is,” sê Venter. “Ons het die afgelope vier weke alreeds R1,3 miljoen gegee en ontvang reeds die terugvoer van hoe hierdie saageld vermenigvuldig word in gemeenskappe.”

Ondersteuning kom ook van buite die grense. Aan die begin van Mei het die Reformed Church in Japan laat weet dat hulle R40 000 in die rampfonds inbetaal het.

Geleentheid

Dr Llewellyn MacMaster, moderator van die VGKSA Streeksinode Kaapland, bevestig dat Covid-19 spesifieke breuklyne in die Suid-Afrikaanse samelewing blootgelê het in terme van armoede, ongelykheid en werkloosheid. “Ons kollektiewe bronne, gawes en wysheid sal help om die blindekolle in ons lewe te identifiseer,” sê MacMaster in 'n video wat saam met die strategie uitgereik is. “Krisisse bied aan ons geleentheid om 'n nuwe paadjie saam oop te kap.”

'n Covid-19-kernspan van die NG Kerk en die VGK in die Wes-Kaap het drie keer per week kontak vir strategiese gesprekke en terugvoering. Verteenwoordigers van beide kerke dien ook saam op 'n geestelike leiersforum wat weekliks met vier LUR's van die Wes-Kaapse regering in gesprek is om samewerking en koördinering te bevorder.

Brief aan 'n tiener: 'Al verloor jy baie, kry jy méér by'

RUDI SWANEPOEL

My liewe Tiener

Goeie. Ek kyk jou só en ek kan nie glo dat jy (en ek!) in 'n tyd soos hierdie lewe nie. Wie sou kon dink.

Ek sukkel 'n bietjie om woorde vir alles te kry, daarom gebruik ek maar die geduld (en die delete-knoppe) van die rekenaar om met jou te deel wat op my hart is.

Aan die een kant, wil ek skryf dat ek jammer vir jou is. Jammer oor die matriekafskied, die socials wat jy mis, die netbal- en hokkie- en rugbyseisoen, die tienertoneel en die koorkompetisies. Die grappies.

Ek wonder of jy daai lekker lang saalopening mis waar die hoof alles so benadruk en julle in lyn probeer hou met elke greintjie krag in sy lyf en sy stem.

Ek is so ontsettend jammer dat jy nie jou vriende sien nie. Ek wéét hoe belangrik hulle vir jou is, hoe hulle jou eerste 'port of call' in hierdie lewensfase is, hoe julle mekaar genuïne verstaan. En jou mis. Dit, verstaan ek.

Jy beleef eintlik 'n hele rits verliese. En al klink dit snaaks: Dis nie net 'n slegte ding nie.

As dit vir jou enigsins 'n troos is: Hierdie verliese berei jou voor, want jy gaan nog baie keer dinge en tye en mense en ervarings verloor. Jy gaan voel jy mis uit (wanneer al die ander weer fun het), jy gaan voel jy raak agter (as jou maats maats vind en uitgaan en trou), jy gaan voel jy kan nie kry wat hulle het nie.

Nou léér jy dat dit OK is. Dat jy kan doen wat jy nie gedink het jy gaan kan doen nie. Dat jy dit dieper in die see van onsekerheid in kan waag as wat jy voorheen vermoed het. Dat jy sterk is. Jy leer dat jy kan aanpas, dat jy jou kop om moeilike goed kan kry, dat daar binne-in jou 'n standhoudende vuur brand waarna toe jy keer op keer kan teruggaan vir nog. En weer. Jy het meer deernis met maats en met kinders wat nie so bevoorreg soos jy is nie.

Jy wys dat jy kan.

Daarom: Al verloor jy baie, kry jy méér by. Dit wat jy bykry, is baie werd; nie noodwendig vir vandag of môre nie, maar vir die res van jou lewe.



Alhoewel ds Rudi Swanepoel hierdie brief vir alle tieners geskryf het, het hy die brief ook vir sy 17-jarige dogter Tineke, wat vanjaar in graad 11 is, geskryf. Foto: Verskaf

Ek bewonder jou. Jy IS nie net OK nie, jy gaan OK wees.

Met oneindige liefde,

Jou pa
Rudi

(Hierdie brief deur ds Rudi Swanepoel is oorspronklik op Facebook gepubliseer en word hier met sy toestemming herpubliseer. – Red.)

Pandemie bring vrae oor ekologie, lyding en kerkwees

Vele Christene sukkel nie net met hoekom iets soos die Koronavirus soveel lyding veroorsaak nie, maar ook watter geloofslesse te leer is uit die ekonomiese verwoesting wat tans gesaai word, skryf MARLI VAN EEDEN.

Die Koronastryd beteken 'n mens moet kies tussen die beskerming van biologiese lewe teenoor ekonomiese lewe. So som prof Piet Naudé onlangs die regering se dilemma op. "Dit is moeilike keuses wat gemaak moet word. Om mense se beweging te moet inperk in 'n land waar daar geveg is vir demokrasie en vryheid ..."

Naudé meen daar is boonop 'n teologiese aspek: "Waarom laat 'n goeie God iets soos hierdie toe? Dat 'n virus soveel verwoesting saai en menseleuens neem?"

Naudé, 'n bekende teoloog en direkteur van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool, was aan die woord in 'n formaat so eie aan hierdie grendeltyd waarin ons ons tans bevind: 'n Webvideo-reeks wat op 13 Mei gepubliseer is as virtuele paneelgesprek oor die tema: "Covid-19 en die ekonomie".

Naudé het as gespreksleier opgetree en is bygestaan deur prof Johan Fourie van die Departement Ekonomie en Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch, prof Alphonso Groenewald van die Departement Ou Testament aan die Universiteit van Pretoria, dr Siphon Mahokoto van die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aan die Universiteit Stellenbosch en dr Bernice Serfontein van die NG Kerk Waterkloof.

Groenewald het by Naudé aangesluit

oor die lydingsvraag: "Hoekom ly die mens? As gelowiges sukkel ons met dié vraag. Watter rol speel God hierin en wil Hy vir ons iets sê? Dit is 'n tyd waarin ons baie onsekerheid en vrae het."

Naudé meen daar is geen twyfel dat die Covid-19-pandemie 'n fundamentele impak op die wêreld gaan hê nie. "Ons moet daarom begin vra: Wat nou? Hoe lyk die pad vorentoe? Hoe lyk die pad vir die kerk en hoe moet die kerk aanpas by hierdie krisistye om 'n verskil te maak en relevant te bly?"

Mahokoto het gesê dis belangrik dat ons moet vra wat bring die kerk na die tafel toe in dié tyd. "Dit is nie genoeg om te sê ons bid nie, ons moet die daad by die woord voeg en innoverend begin dink oor die rol van die kerk in onseker omstandighede. Hoe kan ons mense bystaan?"

Naudé het dit beaam en gesê die feit bly staan dat die wêreld van die kerk en teologie tans onder geweldige druk is. Aan die ander kant is die ekonomie ook in 'n krisis en daarom is dit belangrik dat ons mekaar help om konseptuele helderheid te kry, sodat ons Suid-Afrika kan help om nuwe vennootskappe te vorm, en voorberei vir 'n post-Covid-19-werklikheid. "Ons gaan totaal nuut moet dink oor kerkwees. En oor die ekonomie van kerkwees."

Menswaardigheid en ongelukkigheid

Die Covid-19-pandemie het beklemtoon hoe ons tog maar aan die genade van die natuur oorgelaat is en daarom aktief te werk moet gaan om die aarde te bewaar, meen Naudé. "Ekologiese teologie kyk na hoe ons die skepping al meer begin misbruik vir eie gewin. As ons te veel uit die wêreld haal skend ons nie net die natuur nie, maar as 't ware God se liggaam. *It's impossible to have unlimited economic growth on a planet that has limited resources,*" verduidelik Naudé.

Hoewel Covid-19 geweldige negatiewe aspekte het, is daar ook die positiewe aspek dat die aarde 'n blaaskans kry van menslike aktiwiteit. "Dit het ons tot die keerpunt gebring waar ons besef het dat ons met minder kan klaarkom. Ons moet die natuurlike hulpbronne om ons beter benut."

Serfontein het by Naudé aangesluit: "'n Holistiese ekonomiese stelsel bevorder ekonomiese groei, maar nie ten koste van die natuur of ten koste van menslike waardigheid nie."

Een manier om oor Covid-19 te dink is dat dit vir ons 'n gesonde korreksie gebring het oor ons oordrewe idee van ons eie belangrikheid, aldus Serfontein.

Dan is daar die aspek van die waardigheid van mense. Baie mense kan tans nie terugkeer werk toe nie as gevolg van hulle veiligheid en gesondheid. Die ekonomie sukkel en vanselfsprekend is daar meer afleggings. Besighede moet egter mooi dink voor hulle mense aflê en eerder ander opsies ondersoek soos om gedeeltelike salarisse te betaal, het Naudé verduidelik.

"'n Werk gee vir jou waardigheid, jy kry erkenning en jy beteken iets vir jou samelewing. Om 'n werk te verloor is baie meer as om net 'n inkomste te verloor, dit tas mense se waardigheid aan. Ons moet so ver moontlik probeer om mense se waardigheid te beskerm in hierdie onseker tye."

Hulp in 'n krisistyd?

'n Ekonomie wat goed en regverdig is, is 'n ekonomie waar ongelukkigheid binne sekere grense in toom gehou kan word, met ander woorde, daar moet nie 'n te groot skeiding tussen arm en ryk wees nie. 'n Goeie ekonomie verleen spesiale aandag of hulp aan gemarginaliseerdes in die samelewing. Wanneer daar dus 'n krisis soos Covid-19 is, moet daar hulp beskikbaar wees, verduidelik Naudé.

Hy verwys na die Bybel waar die ideaal nie 'perfekte' gelykheid tussen almal is nie.

"In 'n samelewing waar jy verskillende talente en geleenthede het, gaan jy altyd 'n situasie hê waar party mense ekonomies meer suksesvol as ander is, dit is deel van die lewe. In terme van ongelukkigheid, sê die Bybel dié wat geseën is moet met ander deel en vrygewig wees.

"Ongelukkigheid is 'n werklikheid, maar dit gaan gepaard daarmee om struktureel in te gryp sodat die ekonomie nie die healtyd dié wat ryk is bevoordeel nie."

Behalwe om struktureel in te gryp, moet individue ook op persoonlike wyse help waar hulle kan, wat nou maar die storie in die Bybel van die barmhartige Samaritaan, herinner Naudé.

Fourie meen egter dat goeie bedoeulings nie altyd genoeg is nie – jy as individu wil dalk iemand help, maar op die langtermyn doen dit meer skade as goed. Daar moet daarom nie so seer gefokus word om mense te "help" nie, maar eerder om mense te bemagtig om hulle sodoende volhoubaar uit hulle omstandighede te lig.

"Dis nie maklik nie. As dit maklik was het ons reeds die antwoorde gehad. Die punt is, die kerk moet dus baie spesifiek dink oor hoe hulle help. Veral nou."

Hiermee het Naudé saamgestem en gesê dit is waar die uitdaging lê. Die kerk moet besin oor sy rol in die hedendaagse samelewing en veral nou tydens die pandemie. Die kerk moet aan 'n "slim" manier dink om mense by te staan en daarvoor is die hulp van ekonome en ander kundiges nodig om saam te span en 'n volhoubare plan te beraam.

"Hierdie situasie daag ons uit om opnuut te moet dink oor wat 'kerk wees' beteken."

► Marli van Eeden is 'n vryskutjoernalis.




Ook prof Piet Naudé, direkteur van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool (regs bo), was aan die woord in 'n formaat so eie aan hierdie grendeltyd waarin ons ons tans bevind: 'n Virtuele paneelgesprek oor die tema: "Covid-19 en die ekonomie".

Maskers

Voor dit ons aan 'n virus laat dink het, sou die woord "masker" 'n mens tien teen een aan rollespel laat dink het. En dalk aan al die uiteenlopende verwagtinge wat met verskillende rolle gepaard gaan. Carl Jung het baie oor laasgenoemde gedink. "Society expects, and indeed must expect, every individual to play the part assigned to him as perfectly as possible," het die Switserse sielkundige geskryf. "Society demands this as a kind of surety; each must stand at his post, here a cobbler, there a poet." Dit is tog waar. Voorspelbaarheid is (steeds) die norm. As jy hierdie pos beklee, moet jy sus of so optree. As jy daardie pos beklee, is dit darem wraggies onvanpas om dit of dat te doen.

Ek dink dit is veilig om te sê dominees ly soms erg hieraan. Maar ek is onseker of die lyding meer dikwels selfopgeleg is of via ander se uitgesproke en onuitgesproke verwagtinge kom. Sels joernaliste ('n veel meer beskeie nering!) het soms 'n bietjie las van Die Rol. So het 'n predikant my verlede jaar by 'n sinode nogal verras met die vraag: "Is jy 'n dominee of net 'n joernalis?" Ek het onmiddellik die verligting van verminderde verwagting deur my lyf voel bruis toe ek kon antwoord: joernalis. 'n Mens sou hom seker as nog 'n kordate dominee kon takseer. Maar jy hoef nou nie 'n graad in die dieptepsigologie te hê om te besef dat die predikant eenvoudig aan 't projekteer was nie. Hy's waarskynlik so diep bewus van die meerdere status van dominee-wees omdat dit vanaf sy in-treepreek op hom afgedwing is.

Die woord "persona" het sy oorsprong in die maskers wat akteurs in antieke tye gedra het. In die dae voor mikrofone is dit gebruik om aspekte van elke afsonderlike akteur te versterk en uit te lig, hoor ek onlangs tydens 'n praatjie deur 'n Jungiaanse sielkundige, wat via Zoom 'n webinar oor maskers aangebied het. Die persona kan sinvol en bewustelik in balans met ego gebruik word. Dit kan as 't ware 'n brug bou. Dit kan ook verhoed dat, byvoorbeeld, privaatkommer die werkplek oorneem. Dit kan iets sag en weerloos binne 'n mens beskerm. Maar, waarsku die Jungiaan via die klein Zoom-skerm, as die ego oorientiseer met die persona – as die masker vasgroeit aan die gesig – is daar perde.



James Kirkpatrick

OP DIE KERKSTOEP



Jou skuif, dominee!

JAMES KIRKPATRICK

“Gister het môre in skaakmat gevang,” sê die gedig van Koos van der Merwe. Ons weet eenvoudig nie hoe môre gaan lyk nie. Vir baie van die vrae wat gevra word, is daar geen duidelike antwoorde nie. Dit is asof Covid-19 dreig om ons ook teologies in skaakmat te sit. Hierdie gevoel van om in skaakmat te wees, is ernstig. Hierdie vasgekeerde gevoel ontstaan wanneer ons nie meer betekenis aan die gebeure in die lewe kan gee nie. Kan die Bybel ons help? Dit hang seker af van hoe ons dit gebruik, want ons het nie nog 'n paar teksverse nodig nie! Jare gelede het Ferdinand Deist 'n boek geskryf met die titel *Sê God so?*. Daarin spreek hy die misbruik van die Bybel aan en wys uit hoe maklik mense aanmatigend kom met “God sê so!”.

Die Bybel sê eenvoudig niks oor Covid-19 nie. Dit beteken egter nie dat die Bybel niks te sê het oor geloof te midde van oënskynlike skaakmatsituasies nie. Die Bybel is 'n boek wat uit die werklike lewe opkom en diepgaande nadenke oor die lewe in al sy skakeringe

weerspieël. Dit is die moeite werd om verder na hierdie uiteenlopende perspektiewe te kyk. Maar dan moet ons weet hoe om op verantwoordelike wyse met die Bybel om te gaan.

Dit kan net goed wees om herinner te word aan Gerben Heitink se *Biografie van de dominee*. Vanuit Nederlandse konteks toon hy aan dat die domineeberoep dalk op sy sterfbed lê. Hy beskryf die geskiedenis van die domineeberoep en die skuiwe wat oor tyd plaasgevind het so noukeurig dat jy nie anders kan nie as om saam met hom te wonder “Hoe zal het verder gaan met ‘de dominee?’” En sy antwoord op hierdie vraag is ontstellend (veral as jyself 'n dominee is): “De dominee van weleer is voor een groot deel voorbij gegaan.”

Ons dominees se tyd is verby. Ons is deur die tyd oorbodig verklaar. Maar daar is tog iets bevrydend in Heitink se woorde. Dit is “de dominee van weleer” wie se tyd verby is. Die dominee wat die sweep klap en mense laat verstaan hoe sondig hulle is, die dominee wat maklik voorskryf wat reg en verkeerd is, die dominee wat met werklikheidsvreemde

vroom taal mense met 'n kluitjie in die riet stuur, die dominee wat oor alles seker is. Dié dominee “is voor een groot deel voorbij gegaan”.

Gelukkig is daar 'n groot groep dominees in die kerk wat die ou-dominee-kleed neergelê het en nuut dink oor hulle rol. Heitink praat daarvan as 'n nuwe vitale amp. Hulle het nie antwoorde op alles nie, maar hulle maak erns met hulle taak om die antieke teks van die Bybel op 'n relevante wyse met mense te deel en saam te soek na die egte uitlewing daarvan. Hulle sien hulle self nie as mense wat vanaf die kansel, van bo af, die waarheid afkondig nie. Hulle wil eerder saam met ander soek na die waarheid vir ons tyd. Hulle sien die gesag van die Bybel as 'n oorredende gesag en dreig niemand met die waarheid nie.

Gister het môre skaakmat gevang. Dit is oënskynlik so, maar die ou meesters van die tradisie wat ons in die Bybel sien skuiwe maak, kan ons help met die komplekse spel van die lewe.

► Dr James Kirkpatrick is 'n leraar by NG Stellastraat in Pretoria.



Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoor): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavrae:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

KONTAK ONS

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247
Assistent-redakteur: Conette le Roux
Tel 021 864 8236
E-pos: conette@kerkbode.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za
Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za
Kleinadvertensies en amptelike nuus:
Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:
Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



Die gevaar van selfliefde

NADIA MARAIS

In die aangrypende TV-reeks *Little fires everywhere* (2020), gebaseer op Celeste Ng se boek met dieselfde titel, word die tema van 'n ma se liefde op 'n wonderlik komplekse wyse – met fyn aanvoeling, en geen voor-die-hand-liggende antwoorde of eenvoudig regte en verkeerde partye nie – op die tafel geplaas. Wat is 'n ma? Wie mag 'n ma wees, en wie nie? Wie het 'n reg op hulle kinders – en wie nie? Hoe – en wie – behoort 'n moeder lief te hê? Wie se traumas, en pyn, en ervarings van verlies en gebrokenheid en onsekerheid, is legitiem? Wat is reg, en goed, en regverdig? Wie is reg, wie het reg, wie maak reg? Waar lê die grense aan selfliefde en selfhandhawing? Wie is 'ons eie'? Wie het ons lief soos wat ons onself liefhet?

In hierdie onseker en troebel tyd sou dit maklik wees om petisies te onderteken, en voorwaardes aan ons hulp aan ons naastes te stel, en krities te wees teenoor die regering, en ons oor te gee aan die versoeking om (alleenlik? hoofsaaklik?) na 'ons eie' om te sien. Dit sou heeltemal verstaanbaar wees om ons, in die woorde van die Hervormingsdaggetuïenis (2017), oor te gee aan die kragte en magte wat ons wil laat terugtrek in nouer verbande van bloed en groep. Ons sou oënskynlik vroom regverdigheds hiervoor kon bied, waarin ons die noodsaaklikheid van selfbehoud en selfhandhawing, van selfliefde en selfsorg en selfsug, verdedig. Ons sou dit kón doen, en (té) dikwels dóén ons dit ook. Maar behóórt ons dit te doen?

Op 14 en 21 Augustus 1974 onderskeidelik publiseer *Kerkbode* twee bydraes van prof Willie Jonker oor selfliefde en selfhandhawing. Hy begin sy eerste bydrae met die opmerking: "Dit is verbasend dat daar onder ons nog so baie mense is wat op 'n verwarrende manier die standpunt voorstaan dat die Bybel ons sou gebied om onself lief te hê en te handhaaf. Dit word gebaseer op die uitspraak in die dubbelgebod van die liefde wat lui dat ons ons naaste moet liefhê soos onself." Die probleem met so 'n eensydige – dalk selfs verdraaide – lees van die gebod om ons naaste lief te hê, is dat ons hande so vol raak met selfliefde en selfhandhawing dat ons ook nie juis uitkom by die eintlike opdrag om ons naaste lief te hê soos onself nie.

Jonker beroep hom op die Hervormer Johannes Calvyn, wat wys op die blote gegewe van selfliefde: Dit is soos 'n vuurtjie wat vanself al helder genoeg in

ons brand, skryf Jonker, en hoef daarom hoegenaamd nie verder aangeblaas te word nie. Ons sou kon sê dit sit eenvoudig in ons bloed. Die dubbele liefdesgebod is tog nie 'n driedubbele liefdesgebod nie. Indien ons gebied is om onself lief te hê sou ons inderwaarheid drie (nie twee nie) liefdesgeboeie ontvang het. Die regverdiging van 'n plig tot selfliefde – soos ons dit teëkom in die denke van sekere teoloë, soos die kerkvader Augustinus – is, volgens Calvyn, onsin; en sou, volgens Jonker, "eintlik nie inpas in die kader van Gods liefdesgebod nie."

Hierdie bydraes sou binne die NG Kerk wyd kritiek en polemieë ontlok, veral na 'n bydrae tot *Kerkbode* deur prof Johan Heyns in September 1974, waarin hy die legitimititeit en belangrikheid van selfliefde sou regverdig. Enkele weke later, in Oktober 1974, sou die Algemene Sinode van die NG Kerk die verslag *Ras, volk, en nasie en volkerever-*

houdinge in die lig van die Skrif aanvaar, en daarmee Bybelse regverdiging bied aan die apartheidsbeleid.

Die gevaar vir ons, in 'n tyd waarin ons gevra word om te dink aan ander – ons naastes, ons medemense, wat in lang rye staan vir kospakkies en staats-hulp en gesondheidsorg – sou wees om ons naasteliefde te wil temper; om eers ons 'naaste' naaste te help, en eerder ons voorkeurhulp te oormerk vir mense wat soos ons lyk en dink en leef. Dit sou allesbehalwe moeilik wees. Dit is juis hoe gevaarlik maklik dit vir ons sou kon kom wat ons diep moet laat nadink oor al die wonderlik selfregverdige verskonings wat ons sou kon aanbied om 'ons mense' eerder – of, indien nie eerder nie, dan ten minste eerder – te help.

"In die hele wêreld heers die selfliefde, selfsorg en selfhandhawing op 'n ongebreidelde wyse. Dit is niks Christeliks nie." Só skryf Willie Jonker in sy *Kerkbode*-bydraes in 1974. Elders, in sy 'Gesprekke in die nag', skryf Jonker dat die Hervormer Martin Luther "doodsbenoud daarvoor is om die woorde dat ons ons naaste moet liefhê soos onself in die samevatting van die wet op te neem as 'n gebod tot selfliefde." Dit is immers juis hierdie gesindheid – van ingeboë wees in onself (*incurvatus in se*) – wat vir Luther sy voltooiing in die hel vind.

Die gevaar van selfliefde is dat dit vir ons so maklik sou kon kom in hierdie dae.

► Dr Nadia Marais doseer sistematiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

“Waar lê die grense aan selfliefde en selfhandhawing? Wie is 'ons eie'? Wie het ons lief soos wat ons onself liefhet?”



NUWE
stemme

Ou antwoorde op hierdie vrae sal nie help nie

ERICK DU TOIT

In die 1930's ontvang 'n senuweeagtige student van Princeton Universiteit sy eksamenvraestel.

Hy voel effens verward. 'n Oomblik van déjà vu oorval hom, want alles voel net té bekend, en hy wonder: "Kan dit wees dat die welbekende, gerespekteerde Albert Einstein dieselfde vraestel sal herhaal?"

Die jongman konfronteer sy dosent na afloop van die toets en vereis 'n verduideliking, waarop die dosent antwoord: "Jy's 100% korrek, die vrae is dieselfde, maar vanjaar is die antwoorde anders."

Daar is 'n versteekte waarheid in Einstein se reaksie wat my laat dink aan die kerk te midde van ons huidige omstan-

dighede: ons rol, ons roeping en die werklikheid van dit wat vir ons voorlê in die toekoms.

Die vrae is gelykstaande aan ons opdrag as dissipels – die verkondiging van die evangelie.

Dit bly onveranderd.

Hoe ons reageer om voortdurend te evangeliseer in 'n uitdagende tyd soos dié, verg innovering en kreatiwiteit!

Ek beleef iets van hierdie vars uitdrukking van geloof tydens 'n kuberkerk-kuier.

'n Groep leiers van Echo-jeugontwikkeling het dit goedgedink om 'n 'Zoom'-erediens te hou vir die inwoners van hulle 13 huise wat wyd verspreid lê regoor die land. En was dit nie onvergeetlik spesiaal nie! Kom ek verduidelik.

Predikante van oraloer in Suid-Afrika (Niel Steyn, Sherlize Heys, Chris de Vries, Jaco Strydom) en NG Kerkgeaffilieerde sendelinge in Indië (EJ en Sané Leach) het die erediens gelei.

Aubrey Thompson, 'n Echo-leier, deel 'n kragtige getuïenis oor God se teenwoordigheid tydens die inperking en ds Jaco Strydom preek oor Gods genade uit 2 Korintiërs 12:9. Hy vertel dat genade hom toelaat om God te beleef selfs, en veral, in tye van nood en swaarkry. Hy gesels oor sy eie vrese en hoe God hom al telkemale gedra het deur periodes van rou en seerkry.

En net so voel die wêreld en sy probleme skielik klein as ons weer die fokus op God plaas.

Saam met gelowiges in 'kuber-kerke' regoor die wêreld beleef ek opnuut hoe

die Gees van God ons roep om die wynsakke te vervang. Die inhoud bly dieselfde, maar ons moet werk aan die antwoorde – kreatiewe antwoorde wat mense met hoop vul.

Dus, net soos met Einstein se reaksie hierbo, vereis die uitdagings van die huidige tydsgewrig dat ons van nuuts af oor kwessies en krisis moet besin om by antwoorde uit te kom wat nou sal werk ten einde effektiewe oplossings te verskaf. Ou antwoorde (en reaksies), wat tóé heeltemal goed gewerk het, is nie meer van toepassing nie.

Mag ons kerk hierdie toets slaag.
► Ds Erick du Toit bedien tans in Skotland deur die Church of Scotland maar probeer ten alle tye op hoogte bly van verwickelinge in die NG Kerk.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvulform te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Armoede: Ja vir 'visvang', maar is daar 'n 'dam'?

Dons Kritzinger van Clarens skryf:

Baie dankie, Johan van der Merwe, dat jy 'n bietjie verder gekyk het as die huidige Covid-19 krisis.

Dit is wonderlik hoe gemeenskappe en kerke nou uitreik met kospakkies om aan honger mense iets te gee. Die huidige unieke krisis is dat baie mense wat op die rand van hongersnood geleef het skielik weens die ingrendeling hulle stukwerk verloor het. Daarby moet hulle kinders hulle daaglikse maaltyd by die skool ontbeer. Dit is 'n dubbele slag. Daar is hongerte.

Maar ons moet nooit vergeet dat hierdie krisis net die laaste strooitjie op die kameel se rug is nie. Ernstige armoede is endemies in die meeste (swart) gemeenskappe. Werkloosheid is baie hoog. Miljoene mense woon in sinkhokkies sonder dienste in agterplase of enige ongeskikte oop stukkie grond. 'n Toestand wat genoem kan word die armoedekultuur is die algemene. Hoe het hierdie toestand ontstaan?

'Die kerk verloor sy kernroeping'

Pieter Cloete van Durbanville skryf:

Dit wil voorkom of 'n klein groepie in die kerk, bestaande uit die fakulteite waar ons predikante opgelei word, in simbiose met die sinodale leierskap en hulle gevolg bestaande uit 'n aantal predikante, hulleself as so gesaghebbend beskou dat hulle die breë kerk / lidmate kan manipuleer en daarmee kan wegkom. Al wil die ASM graag met beswaardes praat, is dit duidelik alleen binne die raamwerk van sinodebesluite. Praat daarvoor klink gewoon na onderskrywing van postmoderne denke en of die waarheid eintlik nie bestaan nie, of dat dit nie meer saakmaak wat jy glo nie.

Selfdegeslagverbintnisse binne die kerk staan nie alleen nie. Daar is 'n uitgebreide liberale pakket wat ook insluit die obsessie oor sosiale geregtigheid, skuld belydenis en restitusie binne die verwysingsraamwerk van identiteitspolitiek, die uitgebreide veldtog van die LGBTIQ+-beweging, feministe se agenda oor vroueregte, die ongekwalfiseerde aanslag op patriargie en die oarming van die nuwe seksleerplan vir skole (Comprehensive Sexuality Education). Dit is ook duidelik dat aborsie op dieselfde manier as selfdegeslagverhoudings deur die kerk hanteer gaan word.

Wat in die agtergrond verdwyn, is die roeping van die kerk oor die sieleheil van sy lidmate en die redding van 'n verlore gaande mensdom. Die kerk verloor sy kernroeping, of gaan voort asof daar geen probleme geskep is nie deur die wegbeweeg van die belydenisbasis ten gunste van liberale sosiale agendas

Dit is (onder andere) die gevolg van 'n eeulange beleid om mense nie toe te laat om vir hulleself te sorg nie. Eers is nie aanvaar dat hulle "hier" mag wees nie. Terwyl hulle dan tog nou hier is, moet daar vir hulle huise voorsien word (wat natuurlik nie gebeur nie!) Daar moet vir hulle geld voorsien word (wat natuurlik altyd te min is). Hulle mag net nie vir hulleself sorg nie, hulle mag nie gedienste grond kry om op te bou nie, hulle mag nie hulle eie bedrywe vestig nie, hulle moet afhanklik van die staat bly. So lyk dit.

As die tyd van die kospakkies verby is, wat dan? Gaan daar struktureel iets aan die saak gedoen word? Daar gaan nou in ieder geval te min geld wees. Gaan mense nou menswaardig behandel word deur hulle verantwoordelikheid vir hulle terug te gee?

Johan, jy is reg oor die visvang. Maar is daar 'n "dam" waar die mense kan visvang? Gaan hulle buitendien by die "dam" toegelaat word?

wat wyl wyer strek as die selfdegeslagproblematiek. Almal is skynbaar gered, ongeag hulle geloofsoortuigings. Vandaar die afskaling oor die laaste jare van sending as prioriteit. Die kern van die krisis is dat die Algemene Sinode in 'n rigting beweeg waar die gesag van die Skrif as God se onfeilbare openbaring in die gedrang is en dat daar groot verskille oor Skrifverstaan en afwyking van die gereformeerde leer en belydenis, oor tyd ontstaan het.

Een van die grootste probleme is dat plaaslike gemeentede stellig nie die erns van die saak verstaan nie. Die meeste lidmate is blykbaar min bekommerd oor wat in die kerkverband aangaan – solank hulle net in hulle gemeente gelukkig is. Nogtans is daar 'n stortvloed van beswaarskrifte wat geïgnoreer word en prominente predikante wat hulle besorgdheid oor die saak uitgespreek het. Prof Hoffie Hofmeyr doen byvoorbeeld 'n oproep dat kerkleiers tot inkeer moet kom.

Die NG Kerk is reeds as geloofsgemeenskap verdeel en om dit struktureel aanmekaar te hou, is nie volhoubaar nie. Dit raak veral lidmate in gemeentes wat hulle nie met die groeiende liberale tendense kan versoen nie en gay persone wat 'n onbybelse boodskap van die kerk kry. Dit is 'n hartseersaak om te besef dat die kerk waartoe lidmate dikwels lewenslank verbind is, 'n ander NG Kerk is as die een waarin hulle grootgeword het, die Here leer ken het, oor jare by koninkrykswerk betrokke kon wees en deur stormagtige tye bewus was van 'n geloofsgemeenskap wat hulle dra.

Ben Erasmus se brief in die e-Kerkbode (15 Mei 2020) het heelwat reaksie uitgelok. Hier publiseer ons van die reaksies onderaan 'n deel van die brief by www.kerkbode.co.za

Staak sinodes, oorweeg jaarkonferensies

Ben Erasmus van Groot-Brakrivier skryf:

Dit is met groot hartseer, skaamte en teleurstelling dat ek al die berigte van kerkskeuring in *Kerkbode* lees. Ek wonder wat God dink as Hy hierdie fiasko in sy kerk aanskou. Die kerk is sy bruid. Dit is sy liggaam. Ons is tans besig om alles te vernietig. Sy liefde, sy kruisdood, sy enorme verdraagsaamheid, sy bruid, sy liggaam ...

Petrus Carstens

Ek stem saam dat kerkskeuring geweldig skade doen aan die geloofwaardigheid van die evangelie van versoening en vrede. Verskille gaan nie verdwyn deur sinodale strukture af te breek nie. Die sinodale strukture is geweldig afgeskaal oor die laaste klompie jare en die sinode het hom ook herposisioneer as leidinggewend en rigtinggewend en dienend ten opsigte van gemeentes. Gaan kyk asseblief na die begroting van die sinode en sien dat die geld van gemeentes aan die sinode grootliks vir barmhartigheidswerk en getuienis gaan waarvan die omvang te groot is vir een of twee gemeentes. Om dit te staak sal 'n groter evangeliese ramp wees. Die probleem lê ongelukkig in ons eie onverdraagsame en veroordelende hart en gesindhede, wat verskille laat ont-aard in geskille en verskeidenheid in geskeidenheid.

Muller Oosthuizen

1. Teokrasie in die NG Kerk: Die NG Kerk, en ook die hele kerk op aarde, kan tog nooit sonder 'n teokrasie gaan nie? God is in beheer en niemand meer nie.

2. Groot vergaderings: Sinodale ringsvergaderings is die vergestaltung van die verhouding tussen gemeentes. Indien gemeentes (die volle gemeente onder leiding van die kerkraad) hulle regmatige rol as kerk van Christus op plaaslike vlak speel, behoort rings- en sinodale vergaderings volgens hulle rol en aard presies te doen waarvoor hulle daargestel is – om die onderlinge verhouding en geloofsoortuigings te kan deel en bou, en daarmee saam hulle besluite van gemeenskaplike belang te kan neem (wat die groter verband behoort te neem).

Ek vermoed dat hier 'n groter leemte is as wat algemeen erken word – leraars, kerkrade en gemeentes se verantwoordelikheid ten opsigte van geestelike en teologiese groei en rypheid / volwassenheid van die hele liggaam word waarskynlik meesal opgeoffer by gebrek aan 'n gesonde kerkbeskouing (eklesiologie).

Indien sinodale en ringsbyeenkomste (asook konferensies op alternatiewe jare) egter geoffer word, sal dit myns insiens bitter duur kos aan verhoudingskapitaal.

Meerdere byeenkomste se aard en verhoudingstyl is juis om die verband as Jesus se liggaam uit te beeld en te vier. Die byeenkomste as "parlement" (gesagsliggaam) in plaas van dienaar spruit heel waarskynlik ook uit 'n gebrek aan 'n gesonde kerkbeskouing.

3. Ander strukture en lidmate as eienaars: Gemeentes is ten volle kerk, maar moet nooit onafhanklike kerke word nie – dan is die liggaam van Christus net onderdele. Dieselfde geld van kleingroepe en individue in plaaslike gemeentes.

Lidmate is nie eienaars van die gemeente nie – so 'n soort demokrasie hoort nie in die kerklike (geestelike) wêreld nie. God is die eenaar en Christus is die hoof – die kerk in al haar gestaltes moet hieraan uiting gee.

Leraars en leiers van gemeentes en meerdere gestaltes se uitsprake en opinies wat nie dié is van die liggaam nie, is weliswaar 'n krisis. Dit word gewoonlik gevind dat hulle individuaal en entrepreneurs is wat vanuit redelik onafhanklike posisies opereer. Die kerkrade en ander leiersgroepe ringe se disfunksionering is myns insiens hier die probleem – sulke persone en groepe behoort al meer tot orde geroep en gemuilband te word.

4. Belasting: Daar kan tereg op geweldig baie maniere bespaar word, waarvan reis- en verblyfkostes vir kommissies en taakspanne met naby aan 100% gesny kan word, veral in plattelandse sinodale gebiede. Sinodale "belasting" word verder feitlik uitsluitlik aangewend vir gemeenskaplike bediening soos maatskaplike werk. Dit sal bitterlik hartseer wees indien hierdie werk gestaak word (hoewel dit op die platteland feitlik geheel en al opgeoffer is).

Gesonde kerkwees en die uitklaring van die kerk se roeping deur begronde teologiese koördinate is nou net so nodig soos altyd voorheen.



Profiel: Ivor Swartz

“Ons het almal ’n klomp genade nodig”

JACO STRYDOM

Op 14 is hy toegesluit vir moord, maar dit is net ’n klein deeltjie van sy verhaal.

Ivor Swartz is ’n man met ’n groot storie, die tipe storie wat vandag oral in Suid-Afrika mense se lewe verander.

Hy is vroeër die jaar by NG Oosterlig bevestig as deel van die leraarspan. Ivor sê dat hy baie waardering het vir die “gracious manier” waarop hulle hom en sy vrou deelgemaak het van die span.

“Oosterlig het gevoel hulle weet nie presies waarheen die Here hulle wil vat as ’n gemeente nie, maar van een ding was hulle seker: Hulle wil deel wees van wat in Suid-Afrika aan die gang is. Hulle het besef hulle kan nie net weer mense wat soos hulle lyk, mense uit hulle eie geleedere, mense wat uit hulle eie kweekskole kom ... deel maak van die span nie, hulle kort diversity.

“Die beste manier om jou blind-spots te kan raaksien is om iemand in te bring wat nie soos jy kyk en lyk en lees en hoor nie, en ek dink dis ’n groot rede waarom hulle my deel van die span gemaak het.”

Ek hou Ivor al vir ’n paar jaar dop. Dit is asof hy dinge raaksien wat die res van ons maklik mis. Ons het sy oog nodig en hy is goed met woorde.

Ivor is nie bang om die status quo te konfronteer en uit te daag nie, nie in sy artikels vir ekerk en ander publikasies nie, nie op sosiale media nie en nie in sy aangrypende gedigte nie.

Sy outobiografie, *Die verlore seun vannie Gaatjie*, word later vanjaar deur Lux Verbi uitgegee en hy is besig om ’n klomp van sy gedigte, wat hy noem, “skollie-psalms”, met die oog op ’n bundel bymekaar te sit.

“Wat is die Gaatjie?” vra ek.

“Die ghetto. Ons almal is een enkele besluit weg van ’n varkhok-experience af, een misstap, en dis net die genade wat vir my en jou nog op die pad hou, die Gaatjie is daai varkhok-experience, die verkeerde besluit op die verkeerde oomblik.”

Dit was in die tyd toe Ivor in Kaapstad was, besig om teologie te studeer, dat hy Nadine ontmoet het, wat sy vrou sou word. “Sy kom uit ’n tipiese Afrikaanse huis, as jy kan dink aan jou klassieke wit, konserwatiewe, NG Kerkboksie is dit sy,” sê hy en voeg dan by: “En sy mind nie as ek dit sê nie.”

Ivor word gereeld genooi om by skole te praat, nie net met die kinders nie, maar veral ook met die onderwysers.

“Juis omdat ’n juffrou so ’n groot impak op my storie gehad het, het ek ’n passie om onderwysers te herinner dat hulle werk ’n roeping is,” sê Ivor.

Met sy vyftiende verjaarsdag was hy reeds ’n paar maande in die tronk na hy en ’n ander seun in ’n bende waarvan hy deel was, sy ouer broer geskiet het.

Die ouer broer, reeds in sy twintigs, het ’n skrikbewind op Grabouw gevoer, almal was bang vir hom. Hy is ’n paar dae later in die hospitaal oorlede.

Ivor vertel hoe hy deel geword het van die 26’s (bende) in die tronk. Op ’n dag rand hy ’n ou aan en word vir sy straf in ’n isolasiesel toegesluit.

“Ek sal dit nooit vergeet nie,” sê Ivor. “Een van die juffrouens het my in my alleen-sel besoek en die woorde van ’n Robbie Williams-liedjie aangehaal: ‘I got so much life running through my veins going to waste’. En daai Juffrou gebruik daai song op daai oomblik om te sê, daai is jy! Jy het soveel lewe en talen-



Ivor en Nadine Swartz

te wat God in jou geplaas het, en jy mors dit met die nommers, imagine wat kan gebeur as ons daai goed omskep in ’n force for the good. En sy skryf my toe in vir matriek, en dit het my hele lewe verander.”

Ivor vertel hoe hy na meer as vyf jaar se tronkstraf uiteindelik vrygelaat is. Dit was skrikwekkend. Hy sê hy het in die eerste paar maande na sy vrylating dikwels meer eensaam gevoel as in die isolasiesel in die tronk.

Die mense in die gevangenis wat hom voorberei het vir die vrylating het gesê as hy nie weet wat om te doen nie, is dit altyd ’n goeie idee om ’n kerk op te soek. Ivor het onthou van sy oorlede ma se kerk in Grabouw se plakkerskamp.

“Gerhard en Ammie Coetzee, ’n wit Afrikaanse couple het die kerk begin. Hulle het in 1993 geglo die Here wil hê hulle moet in dié plakkerskamp in Gra-

bouw gaan bly, om die kinders te help grootmaak. Hulle het kids-clubs gehad wat kos en Bybellesse gegee het vir meer as 700 kinders, en toe ek klein was, was ek ook deel daarvan.” Die Coetzees woon vandag steeds daar.

Gerhard en Ammie het Ivor met ope arms ontvang en hy het begin inskakel by die kerk.

“Die dag toe ek daar by hulle tot bekering kom, bring iemand vir my ’n gebedsbak vol sticky notes. My naam was op een van hulle gewees! Ek kon dit nie glo nie. Hulle het vir my gesê: Jou ma het ons laat belowe ons moet elke liewe dag vir jou bid, en ons het.”

Ivor is vandag diep in sy dertigs, hy en Nadine is hierdie jaar vyf jaar getroud, sy oë blink as hy praat oor die mense wat God oor sy pad gestuur het.

“Die grootste leuen is dat ons ‘self-made’ is,” sê hy. “Ons het almal mense om ons en ’n klomp genade nodig.”

Klein venstertjies op God



Die bevrydende

Die grendeltyd het ons vryheid baie ingeperk met tragiese gevolge vir ’n breë spektrum van die samelewing. Sonde is ’n ander grendel wat ons vryheid inperk. Daarom is miljoene der miljoene mense vasgevang in bygeloof, onvergewensgesindheid, haat, nyd, onversoenlikheid, vrees vir sondestraf, skuldige gewetes, selfaftakeling en selfverwyrt. Dit was allermens God se bedoeling met die skepping van die mens. Hy het ons geskep om vry te wees om Hom en ons naaste te dien.

In sy groot genade het God egter deur Christus se dood en opstanding die sondegrendel verwyder en ons vrygemaak om Hom te eer en te dien. Die Galasiërbrief praat baie duidelik oor hierdie kosbare vryheid: “Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees” (5:1).

Die grendeltyd bied ons die geleentheid om opnuut oor ons vryheid in Christus te besin, dit te waardeer, dit in geloof te omhels en te koester, want ons kan dit so maklik verloor deur ons weer deur die sonde op sleeptou te laat neem.

Foto en teks deur Kobus Smit



Vanaf die dak van die gebou wat sy grondvloerkoffiewinkel in Johannesburg se middestad huisves, kan 'n mens die Goudstad behoorlik verken. Teen een van die graffiti-mure het Tebza, wat ook modelwerk doen, in 2019 vir *Kerkbode* meer van sy drome vir sy besigheid en lewe vertel. Foto: Le Roux Schoeman

'Ek het voor 'n kruispad gestaan'

In die grendeltyd sal jy vir Tebogo Mabye by die nieregingsorganisasie MES (Mould, Empower, Serve) se Impilo-skouling vir haweloses in Fairview, Johannesburg, aantref. Hier bestuur Tebza, soos almal hom noem, die skouling in die Covid-19-krisistyd tot en met daar meer duidelikheid oor die land se toekoms is.

Dié 24-jarige man, wat ook deelyds modelwerk vir bekende handelsname soos Edgars en McDonalds doen, se tweejaarou besigheid, Hillbrewed Coffee Co, is ongelukkig ook een van die vele besighede regoor ons land wat weens die Koronavirus-pandemie op sy knieë gedwing is en sy deure moes sluit. Maar dié veelsydige jong man skrik nie vir uitdagings of terugslae nie, blyk dit gou tydens 'n gesprek met hierdie student (BA Strategiese Handelsmerk-kommunikasie) en kranige skopbokser. *Kerkbode* het via Zoom met hom gesels oor sy grootwordjare in Hillbrow en die dryfveer agter sy sukses.

Mes en koeël

Tebza het in die hart van Hillbrow harde grootwordjare beleef. Hy vertel: "Ek het op die hoek van Bullet- and Knifestraat in Hillbrow, Johannesburg, grootgeword. Of só noem die locals van Hillbrow die gevaarlike hoek van Peterson- en Twiststraat. Die hoek is een van Hillbrow se misdaadneste. Die kruising word ook met vyf bordele omring," verduidelik Tebza. Prostitute wat op elke straathoek staan, was 'n alledaagse gesig gedurende Tebza se grootwordjare. Op pad skool toe moes Tebza en vrinne soms verby lyke stap wat op die straat gelê het. "Dit was normaal. Die norm.

So ook was dwelmgebruik, kapings, bendegegeweld, skietery in die strate en huishoudelike geweld die norm." Hy glimlag nou as hy vertel hoe mense se oë rek as hulle hoor hy kom van Cresthill en Vannin Court af.

Maar hy verduidelik dat die kinders van die gemeenskap deur die misdadigers beskerm is. Dit is ongelukkig nie 'n goeie soort beskerming nie. Dit is die soort beskerming wat jou óf verslaaf aan dwelms en as deel van 'n bende óf op straat óf in die tronk sal laat. Net soos sy vriende moes Tebza ook die keuse maak of hy dáárdie lewe gaan lei en of hy dalk iets meer van sy lewe kan maak.

"In my matriekjaar het ek voor 'n kruispad gestaan. Die leier van die gevaarlikste bende in Hillbrow het my kom scout. Hy het aangebied om my skoolgeld te betaal as ek deel word van die bende. Gelukkig kon ek op daardie stadium 'nee' sê omdat MES vir my 'n uitkoms uit daardie lewe gebied het," vertel Tebza oor hoe sy pad meer amptelik met MES gekruis het.

'MES het my lewe verander'

Alhoewel Tebza reeds van sy laerskooljare 'n pad met MES gestap het, het dié organisasie vir hom 'n uitkoms aan die einde van sy matriekjaar gebied. Hy het nie matriek deurgekom nie. Maar MES het hom ingeneem en hom die ondersteuning gegee om die twee vakke wat hy nie deurgekom het nie suksesvol af te handel. En só word Tebza op 'n amptelike basis deel van die MES-span. Tebza sê as dit nie vir MES was nie, sou hy waarskynlik by die bende aangesluit het.

Tot vandag toe stap Tebza 'n pad met

“Dis só belangrik vir jongmense om positiewe rolmodelle te hê.”



Een van Tebza se lewensdoelwitte is om die kinders van Hillbrow te inspireer en te bemagtig soos MES hom as tiener ondersteun het.

Foto: Liza Coetzee

die twee vroue van MES wat hom nog nooit in die steek gelaat het nie – Miriam Moreki en Leona Pienaar, wat in Januarie as MES se nuwe hoof uitvoerende beampte aangestel is.

“Leona het ’n baie, baie, baie lang pad met my gestap. Ek dink ek het vir haar die meeste senuwees veroorsaak,” sê Tebza laggend. Hy vertel dat Pienaar hom as intern in haar departement aangestel het. “Sy het my opgevoed, in my belê, my help ontwikkel en nooit ooit opgegee met my nie. Ek is ongelooflik dankbaar vir die lewe wat sy vir my moontlik gemaak het. Sy en Miriam het in my geglo en glo en ondersteun my tot vandag toe,” praat Tebza oor sy mentors.

Dit was ook op ’n MES-kamp in 2014 wat hy sy hart vir die Here gegee het. “Toe ek my hart vir die Here gee, het alles in my lewe net begin sin maak. Geloof het vir my sin gemaak en my lewe het opnuut rigting gekry,” vertel Tebza, wat daarvan hou om Bybel te lees en vir ander met die Woord te inspireer.

Lekker koffie, lekker naam

Die Hillbrow-boorling, wat uit ’n familie van entrepreneurs kom, het aan die einde van 2018 ook sy jarelange droom bewaarheid om ’n koffiewinkel, Hillbrewed Coffee Co, naby Ellispark oop te maak. Hy het die eienaar van die kantoorspasie genader en dié het vir hom twee vrae gevra. “Hy het vir my gevra: ‘Het jy enige agtergrond in besigheidswese? Nee, het ek geantwoord. Hy vra weer: ‘Het jy ’n besigheid?’ Nee, het ek geantwoord, maar ek het vir hom gesê dat ek ’n droom en ’n passie het.” Die eienaar het hom ’n kans gegee en só is die droom van sy eie besigheid bewaarheid.

Hy het in ’n jaar die ruimte tot ’n dinamiese koffiewinkel opgebou. Kunstenaars het daar opgetree en digters het voorlesings gedoen. Sy grootste ondersteuners is die Leeus-rugbyspan, sê hy. “Die koffie is awesome,” voeg hy laggend by.

En waar sien hy homself in die nabye toekoms? “Beslis besig om die Hillbrow-gemeenskap verder te bemagtig,” antwoord hy dadelik. Tebza sê aangesien Hillbrew na die inperking nie meer in die huidige vorm kan voortgaan nie, wil hy die besigheid herstruktureer. Hy wil die besigheid verder as ’n franchise ontwikkel om ’n reeks mobiele koffiestasies daar te stel. Op dié manier wil hy jong entrepreneurs die kans gee om die mobiele koffiestasies te huur en so geld te verdien om hulleself te onderhou. Hy vertel: “Ek wil jong entrepreneurs bemagtig. Ek sal ’n pad met hulle stap om hulle te leer hoe ’n besigheid werk en wat dit behels om ’n suksesvolle entrepreneur te wees. Dis só belangrik vir jongmense om positiewe rolmodelle te hê,” vertel Tebza. Hy beplan ook om verder te studeer. En aan te hou uitstyg bo Bullet- and Knifestraat.

Gedenkdien tydens isolasie

Hartseer, vrees en protokol

DALÉNE FLYNN

Ek sorg dat ek vroeg by die kapel is, want ek weet nie wat om te verwag nie. Ons sou die gedenkdien al 'n maand gelede gehou het in 'n kerkgebou waarmee ek vertrouwd is. Dáár sou ek geweet het waar om te parkeer, waar ek kon staan, waaraan ek kon vat of nie hoef te vat nie. Hier is alles onbekend.

Nie dat iets regtig meer bekend is nie. Dit is maar die 3de keer in 45 dae wat ek "ordentlike" klere aantrek en grimering aansit. Die ander twee kere was toe ons my preek moes opneem vir YouTube.

Ek is gewapen met my masker en ontsmettingsmiddel, maar ek is nie eens seker hoe ek dit gaan gebruik nie ...

My hart bloei vir die familie, want niks is ook vir hulle normaal nie. Hulle geliefde ma en ouma is al op 4 April oorlede. Dit het 10 dae geneem om net die doodsertifikaat te kry. Die gedenkdien is al twee keer uitgestel. Vandag is die derde datum.

Ek doen nie graag 'n begrafnis of gedenkdien as ek nie eers die familie kon ontmoet en met hulle gesels nie. Hierdie keer moes ons alles via e-pos en telefoon doen. Ek het die tannie geken, maar nie haar geliefdes nie. Vandag sal ek hulle vir die eerste keer ontmoet alhoewel dit gelukkig voel of ek 'n paar van hulle al persoonlik ken. Vanweë die uitgerekte tydperk en veranderings in datums en onsekerheid oor die lokaal het ons verskeie kere kontak gemaak. Dit was ook in hierdie tyd die herdenking van die tannie se 100ste verjaarsdag. Glad nie 'n maklike tyd vir die familie nie.

Een van die seuns en sy vrou daag by die kapel op. Hy klim uit sonder 'n masker en ek hou dus myne in my hand en sit dit nie op nie. Nuwe vorm van hofflikheid? Hy hou gelukkig sy afstand. Ons gesels 'n rukkie. Sy vrou bly in die motor sit.

Die volgende familie daag op. Hulle het ook nie maskers aan nie, so ek hou maar myne af. Die man kom aangestap na my toe met sy hand uitgestrek. Ek weet regtig nie wat om te doen nie. Hierdie was my grootste vrees. Of nee, my tweede grootste vrees. Die eerste was dat ek moet onthou ek mag nie die mense druk nie – my natuurlik reaksie wanneer iemand pyn of hartseer ervaar. Die tweede dan, hoe sê ek moet asseblief nie aan my raak nie? Ek kry dit nie oor my hart nie en skud maar sy hand. Bid in die stilligheid vir bewaring en beskerming.

Nog familie daag op. Heelwat met maskers aan en ek sit myne ook aan. Dit is bedompig en ek praat moeilik. My bril wasem aan. Dit is aakliger as wat ek gedink het dit sal wees. Nog iemand groet my met die hand, dan nog een. Ek glip

stilletjies weg en gaan spuit gou 'n bietjie handreiniger aan. Ek voel soos 'n skurk!

Dan is dit tyd vir die diens om te begin. Daar is nie 'n mikrofoon nie en op 'n manier is ek verlig. Ek het gewonder hoe veilig dit sal wees om 'n mikrofoon om jou oor en naby jou mond te hê wat om iemand anders se oor en naby sy/haar mond was. Iets wat my nog nooit vantevore gepla het nie.

Ek haal my masker af. Skielik verstaan ek hoekom die president en ander ministers tydens hulle onderhoude op televisie sonder hulle maskers aan praat. Ek voel sleg dat ons hulle daarvoor geoordeel het. Hemel, is daar iets waarvoor 'n mens nie gaan sleg voel nie?

Ek het altyd op die vliegtuig gelag as 'n mens die Asiatiese mense sien met hulle maskers aan. Wat is die gesegde? Met jou spot gaan jy na bed ... Hier sit 'n saal vol mense voor my, almal met maskers aan. Almal uitgesprei, net man en vrou langs mekaar, die res met stoele tussenin. En dit is nie eens ver genoeg nie.

My man het net gister vir ons 'n eksperiment met die maatband gedoen om te wys hoe ver 2 meter regtig uitmekaar is. Ons slaag nie vandag die toets nie, maar ek is vir seker nie die een wat gaan vra sit asseblief verder uitmekaar nie. Hier is genoeg trauma en abnormaleiteit!

Ek begin praat met hierdie mense agter die maskers. Dit word van tyd tot tyd afgehaal om 'n traan af te vee. My hart bloei vir hulle. Hier en daar druk die een die ander se hand. Ek wens skielik ons kon almal baie naby aan mekaar wees en mekaar een groot groepsdruk gee. Dit kan egter nie gebeur nie en ek gaan voort onder hierdie vreemde omstandighede. Genadiglik dankie vir oë wat die vensters van ons siel is. Ek raak rustiger in my gemoed en kry dit reg om kontak te maak met die mense agter die maskers. Net so moeilik as wat dit die eerste paar minute was om met mense sonder

gesigsuitdrukings te praat, so spesiaal raak dit om die rou emosies in hulle sielvolle oë raak te lees.

Dit was een van my vreemdste en tog spesiaalste gedenkdienste ooit. Ek dink vanweë die vreemdheid en uniekheid van die omstandighede het ons almal op 'n ander vlak interaksie met mekaar gehad.

Na die tyd is daar nie die gebruikelike tee en "begrafnisbroodjies" nie. Almal probeer onthou om afstand te hou en gesels so 'n vinnige geselsie voor ons weer moet groet. Ek hoor baie beloftes van kuiers na die isolasietyd. Ook 'n belofte van 'n groot herdenking van die tannie se 100ste verjaarsdag sodra dit kan.

Daar is definitief die seer van rou sonder die fisieke ondersteuning van geliefdes. Die verwyte en vrede maak dat hulle nie by hulle geliefde ma en ouma kon wees in haar laaste dae nie.

Maskers en ontsmettingsmiddels en afstand gaan nog 'n ruk lank deel van ons lewe wees. En na dit alles gaan ons die wonde wat in hierdie tyd ontstaan het moet probeer beter maak. Om nie van al die nuwe skuldgevoelens te praat nie ...

Wanneer gaan iets ooit weer "normaal" voel?

► Dr Daléne Flynn is 'n teoloog, berader en konsultant.

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



“Dit het 10 dae geneem om net die doodsertifikaat te kry. Die gedenkdien is al twee keer uitgestel. Vandag is die derde datum.”

Lesse weerklank uit Nazi-tyd

Ter herdenking van die einde van die Tweede Wêreldoorlog 75 jaar gelede het die Duitse Katolieke Biskoppekongres 'n opmerklieke skuldbekentenis afgelê. LEOPOLD SCHOLTZ kyk na die betekenis daarvan.

Sedert die Christelike geloof in die jaar 380 die amptelike staatsgeloof in die Romeinse Ryk geword het, was die kerk alte dikwels 'n stutorganisasie van die regering van die dag en 'n weerspieëling van die kultuur van die samelewing, pleks van 'n onafhanklike instituut wat die Woord van God suiwer probeer verkondig.

Die rol van die kerke – Protestants sowel as Katoliek – tydens die Naziheerskappy in Duitsland (1933-1945) illustreer dit baie goed.

Die meeste Protestante (met die uitsondering van die klein Bekennende Kirche) het Adolf Hitler entoesiasties gesteun. Dieselfde geld vir die meeste Katolieke, al was die rol van die Vatikaan in Rome meer ambivalent.

Onlangs het die Duitse biskoppekongres (losweg vergelykbaar met 'n protestantse sinode) ewenwel 'n knieval in 'n opmerklieke dokument gedoen. Dit is 'n studie met die titel *Deutsche Bischöfe im Weltkrieg* ("Duitse biskoppe in die Wêreldoorlog"), waarin hulle bely dat die kerk in die Nazi-tyd ver te kort geskiet het.

Op die perskonferensie waar die studie uitgereik is, het die voorsitter van die biskoppekongres, dr Georg Bätzing, verwys na die "herinneringskort" by die Duitsers oor hulle eie

verlede, wat egter in die geval van die kerk 'n "belydeniskort" is.

"Ons weet dat die oordeel van die Regter [bedoelende God] oor ons voorgangers nie positief is nie. Geen geslag is vry van tydgebonde oordele en vooroordele nie. Tog moet die nageslag na die geskiedenis kyk om daaruit te leer vir die hede en die toekoms."

Die voorsitter van die Duitse Kerklike Kommissie vir Geregtigheid en Vrede, dr Heiner Wilmer, het bygevoeg dat die "Katolieke Kerk in Duitsland deel van die oorlogsgemeenskap was". En: "In soverre die biskoppe geen onmiskenbare 'nee' teenoor die oorlog uitgespreek het nie, maar die wil van die meeste om voort te gaan versterk het, was ons medeskuldig aan die oorlog."

Die dokument val saam met nuwe studies wat tans oor die rol van pous Pius XII in die oorlog gedoen word. Die huidige pous, Franciskus, het onlangs die Vatikaan-argiewe uit die tyd van die oorlog vir die eerste keer vir navorsers oopgestel, en verskeie historici het te kenne gegee dat hulle die yslike hoeveelheid dokumente wil deurgaang.

Pius het regdeur die oorlog oor die Nazi's se massamoord op 'n geskatte ses miljoen Jode geswyg. Individuele Katolieke, biskoppe en kardinaals het weliswaar heelparty Jode van 'n gewisse dood gered, maar die pous het geen woord geuiter nie.

Die Duitse kerkhistorikus dr Hubert Wolf, wat talle boeke en akademiese artikels oor die rol van die kerk in die oorlog geskryf het, het aan die BBC gesê: "Daar is geen twyfel dat die pous bewus was van die Nazi's se moorde op die Jode nie."

Toe Franciskus die argiewe oopgestel het, was sy kommentaar: "Die kerk is nie bang vir die geskiedenis nie."

Tot dusver was daar verskeie teorieë oor waarom Pius so stil was. Sommige meen hy was bang dat Hitler die onafhanklikheid van die Katolieke Kerk sou aantast; ander dat hy die kommunisme as 'n groter gevaar as Hitler se nasionaal-sosialisme gesien het.

In die biskoppe se dokument word geskryf dat die kerk se stem teen die "nasionaal-sosialistiese vernietigingsoorlog" stil was. "Ook teen die verskriklike misdade teen die as 'rassevreemd' gediskrimineerdes en vervolgedes, veral die Jode, is in die kerk in Duitsland skaars 'n stem verhef."

Eers in Augustus 1943 het die destydse biskoppekongres 'n verklaring uitgereik wat by implikasie die beleid van die Nazi's veroordeel het. Maar terselfdertyd is die soldate opgeroep om verder in die stryd te volhard.

Die dokument word só afgesluit: "Vandag stel ons dankbaar vas dat die bereidheid om met lastige vrae en dringende probleme om te gaan ons nader aan Christus en 'n dieper begrip van die evangelie gebring het. 'n Besondere betekenis kom daarby toe aan die *memoria passionis*, die herinnering aan die lyding van die slagoffers. In hulle ontmoet ons Christus."

Die biskoppe se dokument is indrukwekkend. 'n Kerk wat eeue lank gevestigde ordes gestut het, vertel deemoedig aan die wêreld dat hy verkeerd was.

Dit is 'n dokument wat nie sonder betekenis vir Suid-Afrika en die Nederlandse Gereformeerde (NG) Kerk kan wees nie. Sonder om Hitler se Nazi's vir 'n enkele oomblik met die destydse Nasionale Party (NP) gelyk te stel – die verskil is aansienlik groter as die ooreenkomste – feit is dat ook die NG Kerk jare lank bekend gestaan het as die "Nasionale Party in gebed".

Afgesien van wat die gereformeerde teologie van die kerk in teorie verkondig het, die kerk het in die praktyk 'n stutorganisasie van die NP geword. En, al het die kerk sy eie organisatoriese onafhanklikheid jaloers bewaak, in die praktyk het hy die Bybelse regverdiging vir die Afrikanernasionalisme en apartheid verskaf.

Natuurlik kan geen kerk ooit volkome vry wees van die vooroordele wat in die gemeenskap wat hy bedien vaardig is nie. Maar, soos die Bekennende Kirche onder die leiding van Martin Niemöller, Dietrich Bonhoeffer en Karl Barth dit in die Belydenis van Barmen (1934) gestel het:

"Ons verwerp die valse leer dat die kerk die vorm van sy boodskap en sy ordening aan die wil of willekeur van die tans heersende wêreldbeskoulike en politieke oortuigings moet oorlaat." Daarom word dit ook verwerp dat die kerk hom aan 'n "besondere, met heerskapsbevoegdheids toegepaste Führer gee en laat gee".

Overgezet zijnde: Die kerk moet in die wêreld wees, want hy moet relevant wees vir diegene wat hy bedien. Maar hy moet nie ván die wêreld wees nie.

Sowel die Protestantse as Katolieke kerke in Duitsland het in die Nazi-tyd hulle onafhanklikheid prysgegee en het deel van die Hitler-diktatuur se totalitêre onregstaat geword. Op 'n aansienlik swakker noot het die NG Kerk (en die ander Afrikaanse kerke) iets soortgelyk in die tyd van apartheid gedoen.

'n Egte kerk is organisatories en wat sy verkondiging betref onafhanklik van die regering van die dag. Dit beteken dat die kerk ook polities volledig magteloos moet wees. Dáarin lê sy krag.

► Dr Leopold Scholtz is 'n historikus en onafhanklike joernalis.

Bonhoeffer se invloed strek tot in RSA

BONHOEFFER, DIETRICH (1906-1945), is een van die bekendste kampvegters teen nasionaal-sosialisme, die Duitse Nazisme. Hy studeer teologie in Tübingen en voltooi sy doktorsale proefskrif, *Sanctorum Communio*, op 24-jarige leeftyd aan die Universiteit van Berlyn, waar hy ná die skryf van *Akt und Sein* sy intrede as jongste privatdosent in 1930 lewer. Hierna studeer hy 'n jaar lank aan die Union Theological Seminary (VSA), en loop twee weke klas by Karl Barth in Bonn voor sy terugkeer na Berlyn in 1931. Hy is studenteleraar en sluit as jeugsekretaris aan by die nuut gestigte Wêreldbond van Kerke.

Bonhoeffer het die ellende van die Eerste Wêreldoorlog deurleef en baie gedoen om aan werklose jongmense

hoop te gee. Dit was dieselfde teelaarde vir die opkoms van nasionaal-sosialisme wat in 1933 onder leiding van Adolf Hitler in Duitsland oorgeneem het. Christene wat Hitler se rigting gesteun het, word die Duitse Christene-beweging genoem. Die Jode is as "probleem" beskou omdat hulle, volgens die Nazi-ideologie, as parasiete op ander nasionale volksgemeenskappe geteer het. Jode is ná die sogenaamde Kristallnacht na konsentrasiekampe weggevoer en na raming is 6 miljoen in gaskamers en op ander maniere om die lewe gebring.

In 1934 het verskeie teoloë byeengekom om die Belydende Beweging te begin. Hulle het die beroemde Barmenverklaring aanvaar waarin Jesus Christus as enigste Here bely word – in

teenstelling met die Nazis wat dié belydenis al hoe meer ondermyn het.

Bonhoeffer het in 1935 leraar aan die Belydende Kerk se seminarie te Finkenwalde geword. Hierdie seminarie was onwettig, is in 1937 deur die Gestapo gesluit, en Bonhoeffer self is vanaf 1938 verbied om in die openbaar oor godsdienstige sake te praat.

Bonhoeffer is in April 1943 in hegtenis geneem en is op 9 April 1945, 'n week voor Hitler se selfmoord, weens vermeende hoogverraad in Flossenbürg gehang.

Sy denke het 'n onmiskenbare rol in die belydende beweging gespeel en, al was dit jare ná sy dood, in die teologiese stryd teen apartheid in Suid-Afrika.

– PJ Naudé, Bron: ecke.co.za



Gesoek: Groot harte, klein ego's

NIOMA VENTER

Sewe weke in die nuwe werklikheid van Covid-19 met al die onverwagse omwentelinge en uitdagings daarvan, en vandag dink ek aan 'n besoek van die Orange Farm-evangelis, Peter Sekhonyane, in 2008 aan die gemeente waar ons lidmate was. Hy vertel van die omvattende werk wat gedoen word tussen gemarginaliseerde mense in die buitewyke van Johannesburg en die ondersteunende gebedsnetwerke hiervoor regoor Suid-Afrika. Dan lag hy goedig en maak dié stelling wat ek nooit sal vergeet nie: “'n Mens kry mos kerkmense en teoloë met gróóte koppe en klein voetjies; hulle kan baie en baie slim oor God en sy opdrag praat. En dan kry jy mense met klein koppies en gróóte voete! Hulle is dié wat nie noodwendig so baie praat nie, maar die dinge gedoen kry wat gedoen moet word!” Ons is ongetwyfeld in 'n werklikheid wat vir groot voete vra. Dit plaas 'n onus op leierskap wat dinge gedoen kry in die lig van die ernstige en omvattende impak van Covid-19 op ons samelewing.

Oor leierskap is daar al baie geskryf. Hierdie is dus nie net nog 'n publikasie oor die onderwerp nie, maar eerder 'n baie spesifieke refleksie. Die afgelope paar weke was net genoeg om ons te laat besef dat hierdie omstandighede vir baie spesifieke leierskap vra. Terwyl ons nasionale regering nog strategieë en regulasies afgekondig het en groot toesprake gemaak is, het die werk stil-stil, met erns en met ywer, in ons plaaslike gemeenskappe begin. Dit was nie vir die kerkverband nodig om openbare verklarings uit te reik sodat gemeentes in

beweging kom nie. Leierskap het plaaslik gedy. *Tydens Covid-19 wag leiers nie vir ander om die inisiatief te neem nie.*

Ons is almal terdeë bewus van die feit dat ons met 'n langtermyn-uitdaging te make het. Die waarheid is dat ook die kerk se hulpbronne en vermoë om te gee, onder druk mag kom. *Leiers besef daarom dat volhoubaarheid in netwerke lê.* Om oor grense te beweeg en saam te werk, kom egter nie vir almal van nature nie. Dit vra vir besondere leierskap in hierdie tyd. Die ekumene is ons naaste aanknopingspunt, gevolg deur die kerklike maatskaplike diensorganisasies en nie-regeringsorganisasies wat in elk geval nog altyd ons gemeenskappe hulpgewend gedien het. Dit is hierdie netwerke wat ons ver gaan bring in ons opregte begeerte om diensbaar te wees.

'n Voortreflike sisteem sou wees wanneer elke sektor in 'n bepaalde gemeenskap gekoördineerd saamwerk. Tipies in die Covid-19-werklikheid, beteken dit dat die plaaslike munisipaliteit en departemente van gesondheid en maatskaplike ontwikkeling, die sake-sektor en privaatondernemings, saam met die ekumene, verenig sal wees in die ondersteuning van mense in nood. Gekoördineerd kan ons seker maak dat

almal floreer. Wie sal egter hier die leiding neem? Ervaring die afgelope sewe weke het geleer dat 'n bepaalde posisie nie noodwendig die leier maak nie, maar 'n *opregte bewoënhed met die lot van mense en 'n gedreweheid vanuit die diep oortuiging van roeping.* Om hierdie tipe leiding te kan neem, moet 'n mens selfloos wees. Jy kan op geen manier 'n persoonlike of ander agenda hê nie. Hierdie rol kan in 'n bepaalde gemeenskap deur die plaaslike regering of sakekamer, landbouvereniging óf NRO ingeneem word, maar dit beteken nie dat die kerk moet sit en wag vir enige van diegene om leiding te neem nie. Trouens, die praktyk van opofferende diensbaarheid is in die wese van Jesus Christus, die Hoof van die kerk self, opgesluit. Geestelike leiers moet nou inisiatief neem om hulle gemeenskappe te verenig en so tot doelgerigte doeltreffendheid by te dra.

Covid-19 wys dat bestaande verhoudings en verbintenisse nou vrug afwerp. Hoewel 'n mens dikwels sien hoe gemeenskappe van nature saamstaan as daar 'n krisis is, is die epiese omvang van hierdie pandemie van so 'n aard dat kortstondige verhoudings ons nie ver gaan bring nie. Die netwerke wat

nou gevorm moet word, verg vertroue en toewyding oor 'n langer termyn. Dit is nou die tyd dat verhoudings wat gemeentes en leiers oor jare in gemeenskappe opgebou het, vrugte afwerp. Brûe word makliker gebou op fondasies wat reeds gelê is. Dit beteken nie dat nuwe verhoudings nie moontlik is nie. *Leiers in hierdie tyd is op die uitkyk vir geleenthede om bestaande, maar ook nuwe verbintenisse te ontsluit.* Nooi daarom diegene wat opsigtelik op die kantlyn staan in; hulle wag dalk net vir 'n geleentheid om ook tot deelnemende verbintenisse toe te tree!

Die afgelope sewe weke het ons gesien dat die epiese aanslag van Covid-19 nie net die fisiese welstand van mense en ekonomiese werklikhede beïnvloed nie, maar ook 'n geweldige aanslag op mense se geestelik-emotionele toestand het. Hierdie lens maak ons bewus van die belangrikheid van *goeie, deurlopende en duidelike kommunikasie.* Hierin moet leiers 'n voorbeeld wees. Dit verg wysheid en selfbeheersing. Die ewewig en verantwoordelikheid waarmee leiers kommunikeer het 'n direkte invloed op die omgewing waarbinne die leier beweeg. Die wyse waarop die leier kommunikeer kan beemoedigend wees, fokus en kalmte bring en selfs lewens red.

Daar sal 'n tyd kom wat ons rustig terugskouend al die teologiese nuanses van leierskap in die Covid-19-tydperk kan bedink en tesse daarvoor skryf. Vir nou vra omstandighede egter vir 'n baie praktiese aanslag – vir groot harte, klein ego's en groot voete!

► *Ds Nioma Venter is PSD: Diaconia in die Wes-Kaapse sinode.*

“**Die praktyk van opofferende diensbaarheid is in die wese van Jesus Christus, die Hoof van die kerk self, opgesluit.**”

Mary-Anne: 'Voorwaar 'n pionier'

LLEWELLYN MACMASTER

Die moderatuur van die Streeksinode Kaapland van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) is verpletter deur die afsterwe van **Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel (foto).**

Sedert sy in die hospitaal opgeneem is om op 21 April vanjaar 'n operasie te ondergaan, het ons 'n uitstorting van ondersteuning en gebed vir haar, haar man en die res van die gesin gesien. Vroeër hierdie maand, tydens 'n Zoomvergadering van die moderamen met die voorsitters van ringe, het sy met ons vanuit haar hospitaalbed gepraat. Ons was almal baie bly om haar te sien en baie dankbaar om haar stem te hoor. Op 19 Mei is sy oorlede.

Sy was 'n merkwaardige vrou – in vele opsigte 'n baanbreker, onder meer die eerste vrou wat in die destydse NG



Sendingkerk as predikant georden is. Sy was die eerste vrou wat verkies is as moderator van die VGKSA en die eerste vrou wat as aktuaris van die Kaapse Streeksinode gedien het. Sy was 'n uitstekende, hardwerkende en gerespekteerde akademikus wat twee doktorsgrade aan onderskeidelik die Universiteit

van Suid-Afrika (Unisa) en die Universiteit van Pretoria (UP) verwerf het. Sy was die eerste swart vrou wat bevorder is tot volle professor in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch, en sou later vanjaar haar professorale intrede lewer. Prof Mary-Anne was een van die min kundiges in die kerkreg in die land en wêreldwyd, en sy was passievol oor haar vakgebied. Sy was voorwaar 'n pionier wat die ruimtes wat sy bewoon, verander het, maar nie almal was altyd bewus van die geweldige stryd wat sy moes voer binne 'n hoogs patriargale samelewing en kerklike omgewing nie.

Ook nasionaal en wêreldwyd is sy erken as 'n leier in ekumeniese kringe en sy was sedert 2013 die Wêreldraad van Kerke (WRK) se vise-president vir Afrika.

Sy was passievol oor die eenheid van

die kerk en werk onvermoeid vir die eenheid tussen die VGKSA en die NG Kerk. Sy het baie studente en predikante begelei en gekoester. Sy het aan kollegas geleenthede gebied om verder teologiese en akademiese te ontwikkel deur uitnodigings na seminare en die skryf van artikels, hoofstukke en boeke. Prof Plaatjies-Van Huffel was ook medeleraar van die VGK Scottsdene in Kraaifontein en lid van die moderatuur van die Streeksinode Kaapland. Sy is getroud met ds Dawid Johannes van Huffel – predikant van die VGKSA Scottsdene. Ons vra u om aan te hou bid vir ds Dawid en die res van die gesin. Ons eer die buitengewone en besonderse nalatenskap van so 'n fenomenale vrou en leier, en vier haar lewe.

► *Dr Llewellyn MacMaster is die moderator van die VGKSA Streeksinode Kaapland.*

Die NG Kerk het saam met lidkerke van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) met president Cyril Ramaphosa in gesprek getree oor die rol van kerke in die tyd van Covid-19. Ná die skuif na Vlak 4 van die ramptoestand en met Vlak 3 op die horison, word die vraag al dringender gevra waarom daar nie ook aan kerke groter ruimte gegun word vir die oopmaak van kerklike byeenkomste nie.

Die ramptoestandregulasies wat kerklike byeenkomste verbied, het oor die breë spektrum van die godsdienstsektor reaksie uitgelok. 'n Splinter-Moslem-groepering het selfs die hof genader om die regulasies tydens Ramadan opgehef te kry. Daar is 'n onrustigheid te bespeur en tekens van burgerlike ongehoorsaamheid in die breë samelewing is plek-plek aan die groei.

Dit maak dit dringend noodsaaklik dat die rol wat kerke in die breë samelewing speel en kan speel tydens grendeltyd deegliker oorweeg moet word. Kerke kan 'n groot rol speel om die gedrag van mense te verander. Hierdie rol dien onder andere as motivering vir die opstelling van godsdienstige byeenkomste, met bepaalde beperkings.

In die lig hiervan is die lidkerke van die SARK gevra om voorstelle te maak oor hoe kerke kan funksioneer binne die raamwerk van die ramptoestandregulasies.

Kerke was van die begin van die afgekondigde grendeltyd ondersteunend ten opsigte van die nodige regulasies en protokolle om die verspreiding van die virus te voorkom en wil dit steeds wees. 'n Gesonde balans moet egter gevind word tussen die oopmaak van godsdienstige aktiwiteite en voldoening aan maatreëls om verspreiding van die virus te beperk. Die kerk wil en kan ook deur sy diens en getuieis aan gemeenskappe 'n baie belangrike rol speel.

Onder voorsitterskap van aartsbiskop Thabo Makgoba (Anglikaanse Kerk) is 'n dokument opgestel wat voorstelle van die lidkerke bevat. Die dokument is op 19 Mei aan die president oorhandig deur die dagbestuur van die SARK se uitvoerende komitee en reaksie van regeringskant word afgewag. Die SARK hoop dat die voorstelle reeds in die president se toespraak op Donderdag 21 Mei aandag sal geniet.

Tydens hierdie gesprek was minister Lindiwe Zulu van die Department Maatskaplike Ontwikkeling ook teenwoordig. Die minister het 'n paar terloopse opmerkings gemaak wat hopelik ook iewers in 'n direktief van die departement vervat sal word. Sy het onder andere genoem dat daar geen probleem behoort te wees met die kerk se pogings om kospakkies uit te deel nie. Die departement sal graag ondersteunend wees waar probleme ondervind word. Erkenning van beraders wat deur die kerk aangebied word, sal aandag kry asook die akkreditering van predikante/pastore as noodsaaklike werkers.

Versoeke aan die regering

Die dokument wat deur die SARK aangebied is, bevat in hooftrekke die volgende versoeke vir oorweging deur die regering:

- Dat veiliger gebiede, onderhewig aan die resultate van die toetsproses wat die regering tans onderneem, geïdentifiseer word. Sekere dele van die land is veiliger as ander. In veiliger areas behoort godsdienstige byeenkomste met beperkte getalle toegelaat te word indien die nodige voorkomingsmaatreëls in plek is.

- Dat meer godsdienstige byeenkomste en aktiwiteite ruimte gegun sal word in Vlak 3. Kerke moet self aanspreeklik gehou word vir die regulering van veiligheid en die instandhouding van voorkomende maatreëls om die risiko van infeksie te voorkom.

- Dat kerke self die bevoegdheid sal hê om geselekteerde predikante, leke-werkers en vrywilligers te akkrediteer as "noodsaaklike kerklike werkers" om noodsaaklike geestelike en pastorale werk uit te voer. 'n Geringe aanpassing van die bestaande regulasies kan byvoorbeeld wees dat kerke self predikante kan opdrag gee om begrafnisse uit te voer en ook spesifieke opdragte om pastorale berading te doen soos nodig in spesifieke situasies. Die leierskap van elke kerk sal hiervoor verantwoordelikheid neem.

- Dat kerke verbonde aan die SARK die geleentheid gegun word om selfregulering te doen vir die nakoming van Covid-19-regulasies soos hierbo voorgestel.

- Dat kerke oorweeg word vir finansiële bystand ingevolge Covid-19-ervante bepalinge. Dit sluit in die tydelike werknemer/werkgewers hulpskema (TERS) en ander ondersteuning aan kerklike werkers wat noodsaaklike pastorale dienste aanbied soos predikante, versorgers en beraders.

- Plaaslike munisipaliteite word versoek om dringend die betaling van belasting deur kerke op te skort gedurende die grendeltyd.

Kriteria vir die oopstel van plekke van aanbidding

Voorgestelde kriteria, waarvoor kerke verantwoordelikheid sal neem en self sal reguleer vir die heropening van plekke van aanbidding is ook aan die president aangebied. Al die voorstelle is nie op die NG Kerk van toepassing nie maar kortliks wel die volgende:

1. Kerkgeboue moet voorberei word. Voordat kerkgeboue oopgemaak word vir eredienste, moet elke gemeente/plaaslike kerk voorbereid wees. Elke gemeente moet 'n taakspan hê bestaande uit persone met vaardighede en kennis van die bepaalde riglyne.
2. Terwyl bywoning aangemoedig word, moet gemeentes toesien dat die nodige sosiale afstand tydens byeenkomste gehandhaaf word en moet die grootte van groepe beperk word.
3. 'n Register van bywoning van elke byeenkoms moet bygehou word.



Met Vlak 3-regulasies "op die horison", sê sommige kerkleiers onder meer dat godsdienstige byeenkomste met beperkte getalle in "veiliger areas" van die land toegelaat behoort te word indien die nodige voorkomingsmaatreëls in plek is. Foto: Verskaf

4. Skoonmaakmiddels moet beskikbaar wees vir alle geboue voor en na dienste om fasiliteite deeglik te steriliseer vir 'n volgende byeenkoms. Vloere en banke en stoele moet voor en na byeenkomste afgevee word.

5. Toilette moet higiënies gehou word: Verseker voldoende beskikbaarheid van alkohol-gebaseerde handreinigers. Seep, water- en papierhanddoeke moet voorsien word. Lopende water en hande was met vloeibare seep moet moontlik wees. Papierhanddoeke moet weggegooi word in 'n bak met 'n deksel. As daar 'n tweede of selfs derde diens volg, is alle voorsorgmaatreëls wat vir die voorbereiding op die eerste diens gevolg word, van toepassing.

6. Ingange: Geen gegroet by die deur nie; getalle sal bepaal word deur sosiale afstandsvereistes volgens die regulasies. Elke persoon se temperatuur sal geneem word en diegene met 'n lesing van 38 grade Celsius en hoër, sal gevra word om terug te keer huis toe. Voorsiening van alkohol-gebaseerde handreinigers by alle ingange. Persone by 'n ingangsportaal sal verantwoordelikheid neem om handreinigers op elkeen te spuit.

7. Kontaktyd: Verminder die tydsduur van eredienste tot een uur. Laat minstens 30 minute toe voor die volgende diens.

8. Insameling van dankoffers: Insameling sal geskied deur toe koevertes wat by die deure in houeers geplaas word. Insameling moet geskied wanneer mense uit die kerkgebou beweeg terwyl sosiale afstand gehou word.

9. Daar mag nie gesing word nie: Infeksie is 'n groter moontlikheid as daar gesing word. Instrumentale musiek of solosing kan die tydgleuwe vul waar lofsange gewoonlik gesing word. Geen gesangboeke en Bybels in die banke nie, alle inligting moet elektronies in die erediens deurgegee word.

10. Daar mag geen samedromming binne en buite die kerk wees nie. Mense wat dienste bywoon mag nie in groepe stap nie.

11. Roetine-vergaderings soos kerkraad- en ander vergaderings moet onbepaald uitgestel word.

12. Sondagskool word tot verdere kennisgewing opgeskort.

Konferensie met die president en ministers – 20 Mei

'n Zoom-konferensie het op 20 Mei plaasgevind tussen die president, ministers Zulu, Mkhize, Cele, Dlamini-Zuma en godsdiensteleiers. Die breë godsdienstige spektrum van Suid-Afrika: Christene, Moslems, Hindoes, Boeddhiste, die Joodse geloof en Afrika tradisionele godsdienste was verteenwoordig. Dr Gustav Claassen, die algemene sekretaris, het as deel van die Christelike groepering deelgeneem. Van die sake wat deur die dokument van die aartsbiskop hanteer is, is ook deur godsdiensteleiers herhaal. Die volgende vertoë is deur godsdiensteleiers gerig:

- Dat alle pastore/predikante/imams/priesters (godsdiensterkers) as "noodsaaklike kerklike werkers" beskou word en toegelaat word om betrokke te wees by berading, die verspreiding van voedsel en die ondersteuning van ander noodsaaklike werkers soos byvoorbeeld gesondheidsdienste.

- Dat 'n weg gevind word om godsdienstige byeenkomste oop te maak met regulasies en protokolle in plek om infeksies te voorkom.

- Kerkgeboue moet as plekke geïdentifiseer word waar voedsel verskaf kan word.

- Dat die regering maskers en handreinigers aan kerke verskaf.

- Die godsdienstsektor moet as 'n belangrike agent gesien word in die proses om mense se gedrag te verander.

- Dat geldelike ondersteuning vir godsdiensterkers moontlik gemaak word.

- Dat 29 Mei 2020 ingeruim word as 'n Nasionale Biddag.

Die president het onderneem om die voorstelle van die godsdiensteleiers ernstig te neem. Na konsultasie met sy ministers sal daar weer met godsdiensteleiers in gesprek getree word.

□ Uitgereik deur dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris: NG Kerk, 21 Mei 2020.

VERSTAAN die Bybel

By watter diskoers vind jy aanklank?

FANIE CRONJÉ

In 1845 kom Austen Henry Layard, 'n Engelsman, in Mosul, die tweede grootste stad in vandag se Irak aan en begin in 1849 met opgrawings daar. Sy ontdekking van die Lagis-muurpaneel en die bekend Taylor-prisma in die paleis van koning Sanherib het groot opgewondenheid tot gevolg gehad.

Koning Hiskia van Juda word in die Taylor-prisma, 'n seskantige kleiprisma waarop Sanherib se suksesvolle militêre veldslae beskryf word, as 'n totaal oorwonne vasaal-koning geskets wie se grondgebied dramaties ingekort is, terwyl hy self saam met van sy lojale ondersteuners en ander mense onder beleg van die Assiriërs in Jerusalem vasgekeer sit. Indien jy dit uit die stad sou waag, is jy gevang of doodgemaak.

In die Bybel vind ons verwysings na hierdie einste beleg van koning Sanherib van Assirië in die jaar 701 vC. In-

dien ons Sanherib se prisma, 2 Konings 18:14-17 en Jesaja 36 – 37 lees, sien ons dat daar nie eenstemmigheid onder die bronne oor die uitkoms van die beleg is nie.

Sanherib se bronne vertel dat dié Assiriese koning vir koning Hiskia van Juda saam met sy regering en die inwoners van Jerusalem in die stad ingeperk het. Hulle kon dit nie buite waag nie. Volgens Sanherib gee Hiskia oor deur swaar belasting aan die koning van Assirië te betaal en die koning keer terug na sy eie land, sonder om Jerusalem in te neem.

Die skrywers van 2 Konings 18 sê dat Sanherib vir Hiskia aangeval en verower het. Hiskia het toe 'n boodskap na Sanherib gestuur met 'n versoek dat Sanherib se leer sal terugtrek in welke geval hy wat Hiskia is, sal betaal net wat Sanherib vra.

Jesaja 37 se skrywers vertel oor dieselfde gebeure die volgende: “Die engel van die Here het gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar. Koning Sanherib van Assirië het toe kamp afgeslaan en hy is terug Nineve toe en het daar gebly” (Jes 37:36-37).

Die drie weergawes laat my nogal dink aan van die diskoerse wat ek in die media en op sosiale platforms in verband met die Koronavirus hoor. Party mense meen die regerende party probeer politieke munt slaan uit die situasie en wil met mag, soos koning Sanherib van ouds, die spreekwoordelike bloed uit 'n klip tap.

Ander soek, soos die skrywers van die Koningsboeke in ons Bybel, na die oorsprong van die krisis. Wie se skuld is die beleg? Konings se antwoord is, dit is

die leiers van Israel se skuld, daarom dat hulle Hiskia teken as 'n oorwonne koning, iemand wat oorgee en gevolglik swaar belasting aan koning Sanherib moet betaal.

Die skrywers van Jesaja 37, op hulle beurt, sien God se hand in alles. Hiskia word geteken as 'n vroom koning wat na die stem van die Here luister en op Hom alleen vertrou. Die gevolg is uitkoms vir die mense wat in Jerusalem vasgekeer is. Die Here self gryp in en maak korte mette met die bedreiging en Jerusalem en haar inwoners is weer vry.

By watter diskoers vind jy aanklank wanneer jy dink, praat en skryf oor ons huidige inperking en die Koronavirus? Is jy deel van die mag-diskoers, die skuld-diskoers, of die vertrou-diskoers?

► *Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS

Covid-19 bring baie geleenthede

JOHAN VAN DER MERWE

Die Covid-19-pandemie het die kerklike toneel wêreldwyd op sy kop gekeer. Die NG Kerk is nie hiervan uitgesluit nie. Hoe ons gedink het oor kerkwees en *ons manier van doen* word radikaal uitgedaag. Profete wat die toekoms van die NG Kerk voorspel het, snak skielik na hulle asem, want niemand het hierdie een sien kom nie.

Die geskiedenis vertel 'n interessante verhaal oor wat met die kerk in die verlede in sulke lewensveranderende omstandighede gebeur het. Die uitdagings van die donker Middeleeue het die kerk in kloosters opgesluit gesien. Die Groot Verligting, bekend as die Renaissance, het nie net die wêreld uit sy Middeleeuse

slaap wakker geskud nie, maar het ook in die kerk nuwe lewe ontken met die Reformasie van Martin Luther in 1517. Die bekende leuse van die tyd, “Terug na die bronne”, het nuwe waardering vir die Bybel gebring. Die Nywerheidsrevolusie van die 18de eeu en die gepaardgaande *tirannie van die masjien* het die kerk van die tyd sonder antwoorde gelaat en die teelaarde geword vir John Wesley se evangeliese beweging wat die kerklike toneel wêreldwyd verander het.

In die geskiedenis van die NG Kerk het die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 en die opvolgende droogte en depressie van die 1930s gemeentes se voortbestaan bedreig. Dit het die NG

Kerk tot in sy fundamente geskud. In die destydse Transvaal het die NG Kerk ongeveer 10 000 lidmate verloor terwyl daar meer as 20 000 weeskinders na die oorlog versorg moes word.

Tydens die Depressiejare het meer as 400 000 blankes as gevolg van armoede na die stede getrek. Aan die een kant het plattelandse gemeentes ontvolk terwyl stadsgemeentes aan die ander kant oorstroom is deur 'n vloedgolf maatskaplike probleme. Volgens die Carnegieverslag van 1932 was bykans 300 000 uit 'n totaal van 1,1 miljoen Afrikaners armlankes – mense wat nie meer self vir hulle kon of wou sorg nie. Hierdie statistiek skets die berg waarvoor die NG Kerk in al sy

verbande te staan gekom het. Die berg is egter in geloof met durf en passie geklim. Teen 1994 het daar 48 kinderhuise, 158 tehuise vir bejaardes en 134 maatskaplike rade deur die werk van die NG Kerk tot stand gekom.

Alhoewel die Covid-19 pandemie 'n totaal nuwe uitdaging bied, is die geloof, durf en passie om dit die hoof te bied deel van die NG Kerk se DNS. Dit is wat die geskiedenis van die kerk ons leer. Daarom is dit inderdaad 'n sak vol geleenthede om op 'n nuwe manier kerk van Jesus Christus te wees.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

In die Evangelies het “sien” verskillende betekenisse. Soms staan dit teenoor die geestelike blindheid van mense wat nie kan sien wie Jesus werklik is nie. Die meeste van die tyd gaan dit egter oor die fisiese vermoë om te kan sien.

Ek dink egter een van die heel belangrikste dinge wat ons in die verhale oor Jesus lees, is oor die mense wat Hy raaksien. Dit is tog 'n baie mooi uitdrukking: “om raak te sien” – om nie maar net in die verbygaan te sien nie, maar bewustelik te sien. In die Evangelies lees ons ook hoe Jesus méér sien: Hy sien dieper, Hy sien mense se hart en behoeftes raak.

Here, dat ek kan sien

In die wêreld waarin Jesus opgetree het, was daar baie mense wat onsigbaar geword het. Dikwels mense met nood waaraan niemand iets kon doen nie – blindes, kreupeles, Dowes. Ook mense wat die goeie mense eintlik nie wou sien nie: die sondaars.

Dit is maar so dat 'n mens gewoon raak aan mense se nood en dit later nie meer raaksien nie. Mense word onsigbaar. Maar Jesus sien onsigbares raak. En Hy leer ons ook om onsigbares raak te sien.

Daar is 'n wonderlike verhaal in Lukas van 'n blinde bedelaar naby Jerigo. Toe hy hoor dat Jesus daar verbygaan,

begin hy uitroep dat Jesus Hom oor hom moet ontferm. En dan doen Jesus 'n vreemde ding: Hy vra vir die man wat dit is wat hy van Jesus wil hê. Dit is vreemd omdat Jesus mos baie duidelik kon sien dat die man blind is, hoekom vra Hy nog? Maar die man antwoord in geen onduidelike terme nie: “Here, dat ek kan sien.” En dan genees Jesus hom.

Ek dink dit is betekenisvol dat Jesus wil hê hy moet die woorde sê: “Here, dat ek kan sien.”

Miskien is dit in hierdie tyd van Covid-19 een van die belangrikste gebede wat ons kan bid: Here, dat ek kan sien. Dat ek soos U sal kan sien ...

Dat ek die onsigbares sal raaksien, dat ek nie so vasgevang raak in my eie probleme en uitdagings dat ek blind raak vir die behoeftes van ander nie, dat ek nie gewoon raak aan die beelde van lang toue mense wat vir kos wag nie, dat die mense wat in hierdie tyd dienste lewer nie vir my vanselfsprekend sal word nie. Dat dié wat deur die inperking uit my gesigsveld verdwyn het, nie ook uit my gedagtes en hart verdwyn nie. Here, ontferm U oor my, dat ek kan sien!

► *Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.*



DIE BYBEL 2020-VERTALING SE 40-DAE-VELDTOG

God se asem tussen bladsye *'n 40-dae-avontuur deur die Woord van God*

Reis vanaf 26 Julie tot 30 Augustus 2020 saam met ander gemeentes en kerke tydens hierdie 40-dae-avontuur en ervaar en geniet God se lewende asem in sy Woord.

Die 40-dae-saamreispakket bevat:

- ➔ 6 weke se gratis preke oor die wonder van God se asem in sy Woord
- ➔ 'n 6 weke lange Bybelavontuur vir gesinne en kleingroepe
- ➔ 'n Leiersgids met riglyne vir byeenkomste
- ➔ 'n DVD as inleiding tot die avontuur waartydens ons die asem van God in die Bybel gaan ontdek
- ➔ 'n Daaglikse Bybelleesprogram vir gesinne
- ➔ Riglyne oor hoe om 'n veldtogspan vir die 40-dae-avontuur saam te stel.

Klik hier vir 'n GRATIS temalied

<https://bit.ly/3dli3F8>

Vir die bekendstellingsvideo, klik hier

<https://bit.ly/3fPtKM5>

Bestel by

<http://ngwitrivier.colourtech.co.za/>

DURBANVILLE-KINDERHUIS

Durbanville-kinderhuis, 'n program van BADISA, het poste vir gekwalifiseerde kinder- en jeugsorgwerkers.

Vakature: Gekwalifiseerde kinderversorgers x 7

Hierdie is 'n deurlopende advertensie

Kwalifikasies en vereistes:

- VOO (FET) Sertifikaat in Kinder- en Jeugsorgwerk (CYCW).
- Vlot in beide Engels en Afrikaans.
- Deeglike begrip en sensitiviteit vir getraumatiseerde kinders van alle ouderdomme en beide geslagte.
- Bestuurslisensie met PDP (ver kieslik).

Pligte:

- Versorging van kinders in kinderkuis en bereidheid om skofte te werk.

Vergoeding en voordele:

- Byvoordele: Bonus, verlof, medies, pensioen en oorslaapgeriewe.

Aansoek: CV stuur na rachellekirsten6002@gmail.com – ook afgetrede kinder- en jeugsorgwerkers kan aansoek doen om in te staan wanneer nodig.

Diensaanvaarding: So gou moontlik.

Navrae: rachellekirsten6002@gmail.com

Die Durbanville-kinderhuis behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie. Aansoekers wat nie enige reaksie ontvang binne 'n maand nie, kan aanvaar dat hulle aansoek onsuksesvol was.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

GOUDLAND

EMERITAAT

Ds Johan Stander van die NG gem Krugerdorp-Noord emeriteer op 31 Mei 2020 (Anton Mieny, 11.05.2020).

Umhlanga gemeente gaan deur 'n seisoen van verandering.

Sedert ons vorige advertensie in Oktober 2019, het ons senior leraar na bykans 24 jaar diens sy emeritaat ontvang en vroeër vanjaar het ons junior leraar onverwags bedank nadat haar man 'n werkseleentheid in die buiteland aanvaar het en hulle dus emigreer.

Genoemde gebeure plaas ons gemeente in totaal nuwe omstandighede.

Met nadere ondersoek, nadenke en baie gebed, het die gemeenteraad besluit om die twee voltydse poste te konsolideer in 'n enkele pos en stel ons dus die volgende pos vir 'n voltydse leraar bekend.

Vakature: Voltydse leraar

Die NG gemeente Umhlanga se visie is om in Jesus se voetspore te volg. Dit beteken ons is 'n liefdesgemeenskap, 'n geloofsgemeenskap en 'n verkondigingsgemeenskap. Ons het God en ons naaste en die wêreld lief en ons glo in Jesus en in die almag van God. Ons verkondig Jesus se liefde en genade aan die wêreld. Ons waardes word bepaal deur die riglyn wat Jesus in Matteus 22 saamvat wanneer Hy leer dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Dit is ons droom dat elke lidmaat die vrug van die Gees sal dra soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word.

Gemeenteprofiel:

- NG Umhlanga lê in die hart van Umhlanga. Umhlanga is 'n multikulturele en sterk diverse omgewing. Die gemeente is 'n dinamiese, vloeiende en voorstedelike gemeente, geleë in 'n omgewing van (oorwegend) Engelssprekende kerke aan die noordelike kus van Durban met ongeveer 490 belydende en 159 dooplidmate.
- Die gemeente word tans deur een leraar bedien in 'n 25%-pos.
- 'n Derde van die lidmate is ouer as 60 jaar en het 'n behoefte aan meer tradisionele eredienste, terwyl die jonger lidmate streef na vernuwung, terwyl hulle steeds met die suiwer Skrif in hulle moedertaal bedien wil word.
- Ons orkes is bekend vir hulle musiek en in ons voorsang en erediens, sing ons Afrikaanse sowel as Engelse liedjies uit verskeie bundels. Ons orrel word ook van tyd tot tyd ingespan.
- Daar is verskeie uitstekende hoër- en laerskole in die omgewing.

Leraarsprofiel:

Die gelegitimeerde predikant wat die Here in hierdie gemeente kom dien, het verkieslik tussen 12 en 15 jaar ondervinding en sal verantwoordelikheid neem vir:

- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie wat meelewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en uitbou.
- Die ontwikkeling en implementering van jeugbedieningstrategieë met die doel om groei en ontwikkeling onder die jeug te bevorder.
- Bou op die kommunikasiemiddele en bedieningskanale alreeds in plek, deur die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Kontak met lidmate in verskillende lewensfasies en omstandighede besef en bereid is om met passie daaraan uitvoering te gee.
- As sterk kommunikeerder dinamiese prediking en Woorduitlegging sal toepas vir die omstandighede van die dag.
- As instrument in die hand van die Here in spanverband sal werk om God se doel vir hierdie gemeente te help uitvoer.

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied. Die volledige vergoedingspakket, wat 'n behuisingssubsidie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek:

- Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettiëne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za
- 'n Aanvullende motivering moet die aansoek vergesel waarin aangedui word hoe die kandidaat met sy/haar besondere talente kan bydra tot die vernuwung en groei van die gemeente.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir 'n onderhoud en om moontlik 'n erediens binne die gemeente te lei.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Die Pre-advieskommissie behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2020.

Diensaanvaarding: 1 Augustus 2020 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:

- Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Ettiëne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za of sel: 083 631 1647.
- Ds Nico Jv Rensburg: jansevanrensburgnico297@gmail.com of sel: 082 927 5742.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Die volgende uitgawe van Kerkbode, verskyn op 12 Junie.**HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE**

WELLINGTON

Bybel-Media is 'n Christelike mediabediëning sonder winsoogmerk wat materiaal vir geloofsontwikkeling en -ondersteuning verskaf en versprei. Die maatskappy fokus op drie gebiede: publikasies, bediening en ondersteuningsdienste.

Bybel-Media is tans besig met die digitale transformasie van sy media-uitsette. Ons ontwikkel 'n geïntegreerde, veelkantige digitale platform. Die platform sal aan die behoeftes van 'n breë Christelike mark voldoen deur middel van gepaste inhoud en produkte om geestelike beleving en Christelike transformasie en dissipelskap te bevorder. Hierdie sakemodel behels 'n soepel en buigsame ("agile") benadering.

Die suksesvolle aansoeker sal aan die direksie rapporteer.

Verantwoordelikhede sluit in: strategiese leierskap en bestuur • oorhoofse bedryfsbestuur van Bybel-Media se dienste en werksaamhede • bestuur van digitale platforms (ontwikkeling, sekuriteit, data-analise), korporatiewe bestuur en voldoening aan wetlike vereistes • inhoudskepping • finansiële bestuur • verkope en bemerking • fondswerwing • uitbou van nasionale en internasionale verhoudings • logistieke bestuur • personeelbestuur • navorsing en ontwikkeling.

Vereistes: toepaslike naskoolse kwalifikasie • bewese leierskaps- en bestuursvaardighede • die vermoë om verandering te bestuur • strategiese insig in en begrip van die kerklike en Christelike omgewing • toegang tot 'n wye netwerk van strategiese vennote, insluitende kerklike en Christelike instellings • kundigheid rakende funksionering en gebruik van digitale platforms soos toegepas in 'n media-omgewing • goeie operasionele begrip van IT en/of webwerfontwerp, -ontwikkeling en -programmering • Gereformeerde teologiese posisionering (begrip, verdraagsaamheid en insluiting van uiteenlopende standpunte en kerkgroepe) • uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede (geskrewe en gesproke) in Afrikaans en Engels • sterk sakesin • ervare onderhandelaar met bewese bemerkings- en/of fondswerwingservaring en ooredingsvermoë • etiese en waardegedrewe lewensbeskouing en handhawing van Christelike waardes.

• Om aansoek te doen, registreer asseblief u aansoek by <https://www.dittojobs.com/jobs/view/3817878424>

ALGEMEEN

WATERWYS: Wetenskaplike. Jare ondervinding in VIER Afrikalande. Johan Barnard (Pr Ing) 082 967 4627.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selsorgeenheid vir 4. Veilige parkering. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN**B@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selsorgeenheide met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693.**
hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheide volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)**

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

UVONGO: WILI-WERK-NI, OPPI-DRAAI. 2 ten volle toegeruste vakansiehuise. Almal het pragtige see-uitsig. Loopafstand na strand. TV, braaigeriewe. Afstandbeheerde parkering. Skakel Willie of Poppie Brits by 039 317 2076, 082 746 4852.



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familie gevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en Dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**
Webblad: www.perthunitingchurch.com.au
E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au




Om kleinadvertensies te plaas, kontak Lida Viljoen:

Tel: 021 864 8202

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

**Besoek gerus kerkbode.co.za
vir die jongste nuus.**

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729AM

**Jou Christelike gesels-radlostasie
in die Wes-Kaap**



Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.

Adverteer jou besigheid op radio
kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vir meer inligting:
021 817 7000
www.kaapsekansel.co.za
info@kaapsekansel.co.za



Dana bly tuis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Ons, gemeenskap van onheilige heiliges

Miskien is dit 'n verdrietige be-lydenis om te maak, maar dink ek aan al die kerkdienste wat ek in my jong dae as predikantskind bygewoon het, dink ek nie juis aan Pa se preke nie. Ek dink aan dit wat voor en ná die diens gebeur het.

Hoe oom Hansie, die koster, se vaalbruin Toyota Corona-bakkietjie altyd eerste op 'n Sondagoggend voor die kerk stilgehou het, regs van die groot, ou denneboom oorkant die straat. Hoe oom Hansie uit die bakkie klim en met sy baadjie oor sy arm, sy kuif blink van die Vitalis-haarolie, die konsistoriedeur eerste oopsluit.

Hoe die ander rygoed daarna by die kerk aankom. Oom Stoffel se Ford F100-bakkie, met hom en tannie Kleintjie voorin, en een van die plaaswerkers se seuntjie agterop om die agt hekke tussen Volstruispan en die dorp oop te maak. Jurgie, die poskantoorwerker, se Anglia,

met die lang lugdraad, met 'n Outspan-lemoentjie van plastiek bo-op.

Elkeen het elke Sondag op presies dieselfde plek stilgehou. Oom Willie het sy groen Chev Kommando links van die denneboom voor die kerk geparkeer, en hy het eers 'n sigaret langs die Kommando staan en rook terwyl tannie Mercia en Klein-Willie en sy twee sussies in die motor bly sit het. Oom Bontie het nooit soos die ander sy Holden neus-eerste geparkeer nie. Hy het die Holden in trurat tussen oom Willie se Kommando en juffrou Smit se Datsun SSS ingetrek, asof hy vinnig ná die diens iewers heen wou ontsnap. Tannie Hester Muntingh het reg voor die hekkie gestop in haar Ford Escort. Sy het as kind polio gehad en het met een kruk oor die weg gekom. Dit was die kortste pad vir haar tot in die kerk.

Dit is opmerklik: Mense gesels voor 'n kerkdienens nooit juis veel met mekaar

nie. Dit is asof jy by 'n stil plek in jousef ingaan wanneer jy kerk toe gaan. Jy sal iemand dalk gedemp groet, vinnig iets fluister, en dan by die trappies opstap.

Ma het geglo ons moet minstens tien minute voor die diens al in die pastorie-bank voor in die kerk sit. In die meeste kerke – dit is duidelik aangedui met 'n bordjie – is daar nie meer 'n pastorie-bank nie. Eintlik was die pastoriebank onnodig as ek nou daaraan dink, want elkeen het op 'n Sondag op presies dieselfde plek gesit. Die gemeenskap van die heiliges.

Pa het dit ook geweet, want as daar iemand vreemd die dag in die kerk was, het hy dit dadelik van die preekstoel af gemerk, en gesê: “Ek sien ons het besoekers saam met ons hier vanmôre. Ons sê baie welkom aan hulle.”

Die manier waarop iemand 'n kerkgebou betree, sê nogal iets van daardie een en hoe dit in daardie een se huis gaan.

Tannie Lettie het gewoonlik 'n hele paar tree voor oom Toors die kerk ingestap: Regop, haastige tannie Lettie, met oom Toors krom agterna, een van die Prediker se sprinkane wat homself moeisaam voortsleep tot in die derde bank van voor af. Die mense het gesê oom Toors ly aan sy senuwees en wil sommige dae nie uit die kamer kom nie.

Oom Stoffel het voor tannie Kleintjie in die paadjie afgestap en by die bank gaan staan waar hulle twee bont kussings, elk met 'n gehekelde oortreksel, gewag het. Oom Stoffel het gewag dat tannie Kleintjie eerste by die bank inskuif, en wanneer tannie Kleintjie gaan sit het, het die bank gekraak. Dis nie van eet dat tannie Kleintjie so groot is nie, iets is fout met haar kliere, het die mense gesê.

Party het hulle kussings in die kerk gelos, soos oom Stoffel en tannie Kleintjie, maar oom Patrys het elke Sondag sy groen kussinkie saamgebring.

Hy het die kussinkie jare tevore op El-lisspark gekoop toe die Springbokke teen die Leeus gespeel het, en met die tyd het hy die springende springbok daarop al dof gesit.

Baie van die vrouens – ook Ma – het net voor die begin van die diens 'n pakkie sen-sen of Mint Impereals uit die handsak gehaal, en dit so ongesiens as moontlik in die mond geglip, asof hulle wil sekermaak die asem ruik goed in die huis van die Here.

Ná die diens het almal mekaar gul en vrolik buite die kerk omhels en gegroet, en Ma het al wat leef en beef oorgenooi vir koffie of tee langsaan in die pastorie.

Dit was asof elkeen van ons elke Sondag 'n klein hergeboorte beleef het. Pa het ons van die preekstoel af tot in die hel verdoem, maar teen die einde van die preek weer daaruit gehelp met die belofte van God se ewigdurende liefde. Tot die volgende Sondag.

Natuurlik gaan dit lankal nie meer so by 'n kerk nie, maar wie is dit wat gesê het: “Gee my 'n kind tot op die ouderdom van sewe, en ek wys jou die man wat hy sal word”?

In my sal ek altyd daardie seuntjie wees wat op 'n Sondagoggend saam met Ma by die pastoriebank inskuif. Natuurlik was hulle nie regtig heiliges daardie mense nie: Oom Bontie se Holden het soms tot laataand agter die hotel gestaan, en tannie Lettie het 'n slag vir drie maande weggeloop stad toe, en daardie seuntjie agterop oom Sarel se F100-bakkie was nie in die kerk welkom nie. 'n Mens sou eerder kon praat van 'n gemeenskap van onheilige heiliges. Ons.

Dit is aan hulle, hierdie onheilige heiliges, waarna ek Sondagoggend verlang het toe ek in my stil huis stil voor die rekenaar gaan sit het, alleen met 'n beker koffie, en op YouTube begin soek het na 'n kerkdienens om by te woon.



“Dit was asof elkeen van ons elke Sondag 'n klein hergeboorte beleef het,” skryf Dana Snyman. “Pa het ons van die preekstoel af tot in die hel verdoem, maar teen die einde van die preek weer daaruit gehelp met die belofte van God se ewigdurende liefde. Tot die volgende Sondag.”



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasionaal.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasionaal.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE